# Hoe om u deel in die ondersteuning van Gehalte Openbare Onderrig te doen

## ‘n GIDS VIR OLVG-STRUKTURE

*Maak OLVG ‘n werklikheid*

ensuring quality learning and teaching for all

**Afrikaans**

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# INHOUD


1. Voorwoord deur die Minister van Basiese Onderwys . . . 3
2. Boodskap van die Nasionale OLVG-Loodskomitee . . . 5
3. *Kode vir gehalte onderwys . . . 6*
4. Ondernemings deur alle Rolspelers in die Onderwys . . . 6
5. Die Onderrig- en Leer-Veldtog vir Gehalte . . . 9
   - (i) Waarom ons saam moet werk . . .
   - (ii) OLVG-Missie . . . 9
   - (iii) OLVG se grondbeginsels . . . 10
   - (iv) Strategiese Doelwitte vir OLVG . . . 10
   - (v) OLVG-Waardes . . . 10
   - (vi) Aspekte wat die strategiese doelwitte en operasionele plan van die OLVG vorm gee . . . 11
   - (vii) Die Uitvoerstrategie vir die Sleutellewerbares . . . 12
   - (viii) Strategiese Aanwysers om die sukses van die Programme te meet . . . 13
6. **Hoe om ons doelwitte te bereik:** Instelling van OLVG-Strukture . . . 14
   - (i) Die OLVG-Struktuur. . . . 15
   - (ii) Rolle en verantwoordelikhede van die OLVG-strukture: . . . 16
     - Nasionale; OLVG-Loodskomitee . . . 16
     - Nasionale OLVG-Koördineringspan . . . 16
     - Provinsiale OLVG-Loodskomitee. . . . 17
     - OLVG Streeksforumkomitees en/of Rondgaande Komitees . . . 18
     - Skole se OLVG SBL-komitees . . . 19
7. **Hoe om ons doelwitte te bereik:** Verstaan die Onondhandelbare Items . . . 20
8. **Hoe om ons doelwitte te bereik:** Monitering en Verslaggewing by alle OLVG-Vlakke . . . 24
   - (i) OLVG-monitering en -verslaglewering op die verdere uitvoering van die jaarlikse nasionale assessering en die NSS uitslae Skoolgereedheid . . . 26
   - (ii) Monitering en verslaggewing op skoolgereedheid . . . 27
     - Op provinsiale vlak . . . 27
     - Op streeksvlak . . . 28
     - Op skoolvlak . . . 29
   - (iii) Hoe kan 'n skool se OLVG SBL-komitee 'uitdagings' monitor en daaroor verslag lewer? . . . 32
   - (iv) Verslagprosedures . . . 34
9. **Hoe om ons doelwitte te bereik: Advokaatskap en Mobilisering van die Gemeenskap. . . . 36**
   - (i) Mobilisering op nasionale en provinsiale vlakke . . . 37
   - (ii) Voorbeelde van wyses waarop die Streeksforum- of Rondgaande Komitee die gemeenskap in die streek kan mobiliseer . . . 39
   - (iii) Voorbeelde van maniere waarop die skool se OLVG SBL-komitee ouers en die gemeenskap kan mobiliseer om gehalte onderrig en leer te ondersteun . . . 40
   - (iv) Wat kan ouers doen om gehalte leer te behaal. . . . 42
   - (v) Hoe kan die skool die gemeenskap ondersteun . . . 42
   - (vi) Hoe om ouers in hul kinders se onderrig te betrek . . . 43
10. **Hoe om ons doelwitte te bereik: Pamflette vir ouers . . . 44**
    - Verstaan die Kurrikulum . . . 45
    - Jaarlikse Nasionale Assesserings . . . 47
    - Skryf U Kind by Graad R in . . . 49
    - Indien U Kind in Grade 4-6 is . . . 51
    - Indien U Kind in Grade R-3 is. . . . 53
    - Werkboeke . . . 55
11. **Bylaag A . . . 57**
    - Voorbeeld van 'n Agenda . . . 58
    - Voorbeeld van 'n Verslagleweringspatroonplaat . . . 59
12. Kontakbesonderhede vir die Nasionale OLV-Span en Provinsiale Koördineerders . . . 60

# VOORWOORD DEUR DIE MINISTER VAN BASIESE ONDERWYS

In die Staatsrede wat aan die Gesamentlike Sitting van die Parlement in Kaapstad op 03 Junie 2009 voorgelê is, het die President van die Republiek van Suid-Afrika, Mnr. JG Zuma, gesê: *'...Onderrig sal vir die volgende vyf jaar 'n sleutelprioriteit wees. Ons wil hê dat ons onderwysers, leerders en ouers saam met die Regering moet werk om ons skole in florerende sentrums van voortreflikheid te verander...'*

Die President het verder gesê: *'... Ons stel ons ononderhandelbare items weer. Onderwysers moet by die skool in die klas wees – betyds, besig om skool te gee, sonder om in hul pligte te versuim en sonder om leerders te mishandel! Die kinders moet in hul klasse wees – betyds, besig om te leer, met respek vir hul onderwysers en vir mekaar, en bereid om hul huiswerk te doen...'*

Op Vrydag, 11 Augustus 2008, het die Regering 'n gesondheids- en onderwysveltog by Walter Sisulu-plein in Kliptown (die geboorteplek van die 1955 Vryheidsmanifes) geloods. Hierdie veldtog vloei voort uit die erkenning dat gesondheid en onderwys vir die volgende vyf jaar die kern van die Regering se maatskaplike transformasieprogramme moet wees.

Op die onderwysfront, beroep die Regering se veldtog alle individue en organisasies om verantwoordelikheid te neem vir die verbetering van die gehalte van onderrig. Die onderwyselemente van die veldtog sal:

- burgers oor die belangrikheid van onderrig inlig, en oor hulle rolle, verantwoordelikhede en verpligtinge teenoor onderrig;
- gemeenskappe mobiliseer om skole, onderwysers en leerders te monitor en te ondersteun;
- die gehalte van onderrig vir alle kinders, veral armes, te verbeter; en
- hierdie verbeterde gehalte deur beter leerderprestasies demonstreer.

Die behaal van gehalte onderrig vir almal hang af van die dade van lede van die Parlement, die Departement van Basiese Onderwys, provinsiale lede van uitvoerende rade, departementele amptenare, skoolhoofde, onderwysers, ouers, skoolgoewerneurs en lede van die gemeenskap.

By die Regering se loodsgeleentheid vir die gesondheids- en onderwys-veldtog, het verteenwoordigers van al die noodsaaklike rolspelers in die onderwys hulself verbind aan 'n Kode vir Onderwys van Gehalte, wat hulself en hul lede daaraan verbind om verantwoordelikheid te aanvaar vir die verbetering van die gehalte van onderrig en leer in ons skole. Elk van hierdie rolspelers word beroep om hulself te verbind aan 'n 'Kode vir Onderwys van Gehalte'. Dié Kode beskryf die verantwoordelikhede en dissipline wat van diegene vereis word. Indien alle dele van die gemeenskap saamwerk – Regering, gemeenskappe, gesondheidsorgwerkers, burgerlike gemeenskap, besigheidsmedia en ander sektore – kan ons verseker dat alle leerders by gehalte onderwys baat. Die Kode is soos volg:

*Die mag om onderwys te verbeter lê by ons almal. Ons beroep alle departementele amptenare, onderwysers, studente, ouers en gemeenskapslede om hulself aan 'n 'Kode vir Onderwys van Gehalte' te verbind.*

Hierdie Kode stuur die Onderrig- en Leer-veldtog vir Gehalte (OLVG), wat ook in 2008 geloods is. Dit dien ook as uitgangspunt vir die volgende visie wat beskryf waar ons graag in 2025 wil wees. Daar is 'n dringende behoefte daaraan om te verseker dat elke jong Suid-Afrikaner gehalte onderrig ontvang. Ons besef ook dat dit nie oornag 'n werklikheid sal word nie.

Strukture vir die koördinering van die veldtog word huidig op nasionale, provinsiale, streeks-, plaaslike en skoolvlak in plek gestel, en die Regering beroep nou alle Suid-Afrikaners om by ons aan te sluit in hierdie veldtog as deel van die voortdurende poging om 'n beter lewe vir almal te bekom.

Die Departement en sy vennote mik om deur middel van die Onderrig- en Leer-veldtog vir Gehalte onderwys 'n maatskaplike fokuspunt te maak. As ons saamwerk, as skoolgemeenskappe, streeks-, provinsiale en nasionale departemente sowel as ander betreklike belanghebbers, sal ons die ondernemings volbring wat in die leweringsooreenkoms en die doelwitte wat in die Aksieplan vir 2014: Verwerkliking van Onderrig 2025 uiteen gesit is. Dit is noodsaaklik om die hele nasie te mobiliseer en aan te vuur om saam te span om gehalte onderrig vir almal te behaal.

Dus beroep die Onderrig- en Leer-veldtog vir Gehalte alle individue en organisasies om verantwoordelikheid te aanvaar

vir die verbetering van gehalte van onderrig. Die OLVG mik om almal, in groot en klein gemeenskappe, regdeur Suid-Afrika te mobiliseer om op die President se beroep te reageer. OLVG-strukture sal op alle vlakke van die onderwyssisteem op die been gebring word om te verseker dat alle rolspelers in die sisteem erns maak met hul ondernemings om hul rolle en verantwoordelikhede tot die beste van hul vermoë uit te leef. Slegs wanneer elke rolspeler – amptenaar, hoof, onderwyser en leerder – hul rol met toewyding en motivering uitleef, sal ons voortreflikheid in onderwys behaal.

Hierdie veldtog dra vrugte deur die teken van die NEDLAC-akkoord in Julie 2011 by die Uniegebou, Pretoria, deur leiers van georganiseerde arbeid; Besigheidseenheid Suid-Afrika (BUSA); gemeenskapswyke wat in NEDLAC teenwoordig is en die Minister van Basiese Onderwys namens die Regering. Die hoofdoel van die Akkoord is om met skole wat geïdentifiseer is te werk om sodoende hulle, deur gerigte ondersteuning, die uitdagings wat hulle ondervind die hoof te kan bied.

Die OLVG bou op bestaande vennootskappe met belanghebbers in besigheid en gemeenskapsorganisasies, en bou nuwe vennootskappe om te verseker dat die skool nie sonder nodige ondersteuning gelaat word nie. Die Adopt-a-School-program sal ons vennote met individuele skole in kontak sit om te verseker dat hulle die pad van voortdurende verbetering begin volg met die ondersteuning van dié organisasies wat hulself tot voortreflikheid in onderwys verbind. Dit is 'n historiese oomblik vir onderwys. Dit merk die begin van 'n nuwe era waar alle rolspelers in die onderwys, belanghebbendes en maatskaplike vennote hul organisasies daartoe verbind om die onderrig- en leerveldtog vir gehalte in Suid-Afrika te ondersteun.

Beste wense

**MEV AM MOTSHEKGA, Parlementslid**
**MINISTER VAN BASIESE ONDERWYS**
**DATUM**




Die Minister van Basiese Onderwys waar sy Graad 3-leerders geletterdheid leer tydens haar skoolbesoek aan Winni Kngwekazi Laerskool, Soweto, Julie 2010

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SADTU NAPTOSA SAOU SACE PEU NATU

## BOODSKAP VAN DIE NASIONALE OLVG-LOODSKOMITEE

Die nasie word toenemend bewus daarvan dat die Regering nie alleen al die uitdagings van die onderwyssisteem kan aanspreek nie, en dat daar dus ‘n spasie vir maatskaplike vennote geskep moet word. Die President het die nasie beroep om saam te span om die onderwyssisteem te verbeter en om vennootskappe te skep om dit reg te kry.

Die hoofgeleentheid vir hierdie verslaggewingsperiode moet dus die teken van die Akkoord op Basiese Onderwys wees. Dit is beduidend vir die onderwyssektor. Dit merk die begin van ‘n nuwe era waar alle rolspelers in die onderwys, belanghebbendes en maatskaplike vennote hul organisasies daartoe verbind om die onderrig- en Leerveldtog vir Gehalte in die land te ondersteun. Die partye kom ooreen om saam te werk om onderwysers, leerders en ouers se instelling te verander, om dele van die basiese onderwyssisteem wat nie werk nie te herbou en om gehalte onderrig vir leerders te verseker, veral by skole wat swak presteer.

Die hart van die OLVG is ‘n toewyding aan Suid-Afrika se kinders. Elke kind verdien gehalte onderrig. Die onus is op almal van ons om te verseker dat gehalte onderrig en leer in al ons skole plaasvind sodat verbeterde leerderprestasie ‘n werklikheid word.

Om dit ‘n werklikheid te maak, het die Nasionale OLVG-Loodskomitee hierdie handleiding ontwikkel om alle rolspelers en belanghebbendes in onderwys te lei sodat ons kan verseker dat ons ons doelwitte bereik. Hierdie handleiding sal ook verseker dat die OLVG-beginsels in die kultuur van onderrig en leer ingeskakel word sodat hierdie belangrike inisiatief nie slegs as toevoeging beskou sal word nie, maar as ‘n hoeksteen vir die werk wat gedoen word deur almal wat by onderwys betrokke is.

Die Nasionale OLVG-Loodskomitee mik om te verseker dat OLVG-strukture op alle vlakke van die onderwyssisteem in plek gestel word, vanaf nasionale tot provinsiale vlak, streeks- tot rondgaande vlak (indien nodig) en veral op skoolvlak. Elke OLVG-struktuur moet streef om op onderrig en leer in te slaan en om te verseker dat die ononderhandelbare items in onderwys werklikheid word. Hul opdrag is ook om alle Suid-Afrikaners te mobiliseer om saam te span vir gehalte onderrig en leer.




**Provinsiale advokaatskap rondom die Kode vir Onderwys van Gehalte**

# VOORNEME OM GEHALTE OPENBARE ONDERWYS

## KODE VIR ONDERWYS VAN GEHALTE

By die Regering se loodsgeleentheid vir die gesondheid- en onderwys-veldtog by Kliptown in 2008, het verteenwoordigers van al die noodsaaklike rolspelers in die onderwys hulself verbind aan 'n Kode vir Onderwys van Gehalte, wat hulself en hul lede daartoe verbind om verantwoordelikheid te aanvaar vir die verbetering van die gehalte van onderrig en leer in ons skole. Elk van hierdie rolspelers word beroep om hulself te verbind aan 'n 'Kode vir Onderwys van Gehalte'. Dié kode beskryf die verantwoordelikhede en dissipline wat van diegene vereis word. Indien alle dele van die gemeenskap saamwerk – die Regering, gemeenskappe, gesondheidsorgwerkers, burgerlike gemeenskap, besigheidsmedia en ander sektore – kan ons verseker dat alle leerders by gehalte onderwys baat. Die Kode is soos volg:

*Die mag om onderwys te verbeter lê by ons almal. Ons beroep alle departementele amptenare, onderwysers, studente, ouers en gemeenskapslede om hulself aan 'n 'Kode vir Onderwys van Gehalte' te verbind'.*

## ONDERNEMINGS DEUR ALLE ROLSPELERS IN DIE ONDERWYS

***Extract from the Kliptown Pledges***

As 'n **DEPARTEMENTELE AMPTENAAR,** belowe ek om:

- te verseker dat alle skole die nodige hulpbronnev betyds ontvang vir onderrig om 'n aanvang te neem;
- te verseker dat alle skole oor hulle volle personeeltoewysing beskik en dat enige vakatures sonder versuim gevul sal word;
- my eie kennis- en vaardigheidsbasis te verbeter om sodoende meer doeltreffend te wees;
- altyd beskikbaar te wees om skole, skoolhoofde en onderwysers tot hulp te wees;
- te reageer op die versoeke of besorgdheid van belanghebbendes in die onderwys;
- alle skole in die streek gereeld te besoek;
- onderwyser- en leerderbywoning te monitor en te verseker dat geen kind by die skool wegbly nie; en
- om alle skole tot hulp te wees om hulle prestasievermoë te verbeter, te verseker dat toetse gereeld afgeneem word en die uitslae aan die ouers oorgedra word.

As 'n **LID VAN DIE SKOOL SE BEHEERRAAD**, belowe ek om:

- die beste belange van die skool te bevorder en daarna te strewe om die ontwikkeling van die skool te verseker;
- daarna te strewe om die voorsiening van gehalte onderwys vir alle leerders in die skool te verseker;
- alle redelike stappe te neem om te verseker dat dié wat by die skool belang het by die werksaamhede van die skool betrokke is;
- alle redelike stappe te neem om te verseker dat die skool se fondse en bates volgens goeie sakepraktyk geadministreer word;
- die skoolhoof, opvoerders en ander personeellede van die skool te ondersteun in die uitvoer van hulle professionele funksies;
- myself te gedra ooreenkomstig die verpligting wat op my geplaas is om 'n vertrouensposisie teenoor die skool en my mede-raadslede te beklee; en
- om te alle tye in die beste belang van die skool op te tree

As ‘n **SKOOLHOOF**, belowe ek om alle bepalings van die SARO se Kode van Professionele Etiek na te kom en om:

- die ontwikkeling van lojaliteit en respek vir die beroep te bevorder deur om my bestuurs- en leierskaprolle tot die beste van my vermoë uit te voer;
- stiptelik op te daag, goed voorberei op en ywerig oor my rolle as die professionele leier te wees;
- te strewe om ‘n lewenslange leerder te wees;
- my personeellede in hul professionele ontwikkelingspogings aan te moedig en te ondersteun;
- aktief daaraan te werk om onprofessionele optrede, soos onvanpaste onderwyser-leerderverhoudings en dronkenskap uit te skakel;
- te verseker dat alle tersaaklike omsendbriewe, dokumente en inligting met die tersaaklike belanghebbendes so gou moontlik gedeel word;
- die nodige stappe te neem om te verseker dat die POD/Streek alle vereiste inligting ontvang wat vir die tydige aflewering van hulpbronne vir onderrig en leer nodig is;
- te verseker dat die POD/Streek alle nodige inligting ontvang om vakatures spoedig te vul;
- onderwyserbywoning te monitor;
- leerderbywoning te monitor en om te strewe om te verseker dat geen kind onnodig skool mis nie;
- gereelde inligting oor hul kinders se vordering aan ouers te voorsien;
- te verseker dat die OLVG by my skool tot die beste van my vermoë toegepas word en om te verseker dat die gewigtigheid van die veldtog deur alle rolspelers verstaan word, maar spesifiek deur die ouers en plaaslike gemeenskap; en
- die SBL in die uitvoer van sy pligte by te staan

As ‘n **LEERDER**, belowe ek om:

- te aanvaar dat die hoofrede waarom ek in die skool is, is om te leer en akademies, sosiaal en kultureel te ontwikkel;
- die skoolreëls te gehoorsaam;
- die legitimiteit en gesag van onderwysers te respekteer;
- deel te hê aan Verteenwoordigende Leerlingrade (VL’s) om sodoende my eie belange te beskerm;
- respek teenoor ander leerders te betoon en nie te diskrimineer nie; en
- anti-sosiale gedrag soos diefstal, vandalisme, aanranding, seksuele teistering, alkohol- en dwelmmisbruik, asook ander aktiwiteite wat die leerproses ontwrig te vermy

As 'n ONDERWYSER, en ooreenkomstig die SARO-kode vir Professionele Etiek, beloof ek om:

- skool te gee om sodoende die onderrig en ontwikkeling van leerders as individue te bevorder;
- die waardigheid en regte van alle persone sonder vooroordeel te respekteer;
- lojaliteit teenoor, en respek vir, die beroep te ontwikkel;
- stiptelik, entoesiasties en goed voorbereid te wees vir lesings, en ook sober in my denke en gedrag;
- my eie kennis- en vaardigheidsbasis te verbeter om sodoende meer doeltreffend te wees;
- goeie kommunikasie tussen onderwysers en leerders; tussen onderwysers onderling; en tussen onderwysers en ouers te handhaaf;
- gereelde inligting oor hul kinders se vordering aan ouers te voorsien;
- onprofessionele gedrag te elimineer, soos byvoorbeeld onderwyser-leerderverhoudings, dronkenskap, die gebruik van dwelms, aanranding, seksuele teistering en ander oortredings; en
- myself vir buitemuurse aktiwiteite beskikbaar te stel

As 'n **OUER**, belowe ek om:

- aktief by die werksaamhede van die skool betrokke te raak, insluitende skoolbeheerstrukture;
- gereelde gesprekke met my kinders te voer oor algemene skoolaangeleenthede;
- 'n gesonde, oop en samewerkingsverhouding met my kinders se onderwysers te kweek;
- 'n tuisomgewing te skep wat vir leer bevorderlik is;
- te help met die bewaring van onderwyshulpbronne, soos handboeke, stoele, tafels en ander voorwerpe; en
- om binne my vermoëns tot die nodige hulpbronne vir die skoolopvoeding van my kinders by te dra.

As 'n **GEMEENSKAP,** belowe ons om:

- te verseker dat elke skoolgaande kind in die skool is;
- 'n veilige en misdaadvrye omgewing vir onderwys te verseker en om die skool en sy bates teen vandalisme te beskerm; en
- die prestasie van skole te monitor en enige probleme onder die aandag van die betrokke owerhede te bring

# DIE ONDERRIG- EN LEER-VELDTOG VIR GEHALTE (OLVG)

OLVG mik om die hele nasie te mobiliseer om gehalte onderwys te ondersteun. Om dit te behaal, moet koördinerende strukture in plek gestel word op nasionale, provinsiale, streeks- (rondgaande) en skoolvlakke. Elke OLVG-struktuur, wat skool-, streeks-, provinsiale en nasionale OLVG-komitees insluit, moet die verskillende rolspelers se nakoming van hul onderskeidelike voornemens rakende die verbetering van die gehalte van leer en onderig, monitor.

In antwoord op hierdie inisiatiewe en voornemens deur die Regering en President, het die Departement van Basiese Onderwys in samewerking met die maatskaplike vennote die Onderrig- en Leer-veldtog vir Gehalte (OLVG) geloods. Die OLVG streef om die lewering van gehalte onderrig en leer werklikheid te maak deur 'n gesamentlike poging tussen die Departement van Basiese Onderwys, onderwysunies, skoolbeheerrade, ouers, leerders, tradisionele leiers, besighede, gemeenskappe, RAVO, SARO en ander belangstellende partye in en buite die onderwysgebied.

Elkeen van die partye het hulself aan die veldtog verbind deur in die openbaar voor te neem om hul tersaaklike voornemens vol te hou en daarin te volhard, en dat hul nakoming deur die OLVG-strukture ondersoek te word en so volhou word. Die OLVG voorsien 'n situasie waar alsomvattende OLVG-strukture opgestel gaan word om, onder andere, die uitvoering van ononderhandelbare items, voornemens en ander Departementele programme te monitor.

Dus beroep die Onderrig- en Leer-veldtog vir Gehalte alle individue en organisasies om verantwoordelikheid te aanvaar vir die verbetering van gehalte van onderrig.

### Huidige situasie in baie skole sluit die volgende in:

- Swak leederprestasie by baie skole;
- Hoë afwesigheidsyfer en laat opdaag onder baie onderwysers, departementele amptenare en leerders;
- Slegte moreel en lae toewyding by baie onderwysers en departementele amptenare;
- Tekort aan handboeke en swak infrastruktuur en fasiliteite by baie skole;
- Gebrek aan erkenning en waardering van uitmuntende onderwysers, suksesvolle skole en belanghebbendes wat positief by onderwys bydra;
- Vertragings in die aanspreek van arbeidsgeskille en dissiplinêre sake, wat 'n negatiewe uitwerking op onderrig en leer het; en
- Sommige leerders met leerprobleme sit in verknorsing in OLSOB-skole.

## OLVG-Missie

Om inskiklikheid in verband met ononderhandelbare items in alle Suid-Afrikaanse openbare skole aan te moedig namens die Departement van Basiese Onderwys, die unies (SADTU, NAPTOSA, SAOU, PEU en NATU), alle maatskaplike vennote en ander rolspelers in die onderwys, en daardeur by te dra by die verbetering van dienslewering, die verdelging van armoede en die ontwikkeling van die maatskaplike welstand van Suid-Afrikaanse kinders

## OLVG-visie

Die vennootskap tussen die Departement van Basiese Onderwys, die unies en ander rolspelers in die onderwys en belanghebbendes, is die model wat mik om die kultuur van onderrig en leer te bevorder en te beskerm deur die Kode vir Onderwys van Gehalte by alle rolspelers in te prent, sodat gehalte onderrig en leer vir almal behaal kan word.

## Grondbeginsels

- Die OLVG mik om vennootskappe met alle belanghebbers te bou, veral tussen die DBO en onderwysunies, en tussen ouers en skole;
- Die Departement het voorgeneem om onderwysers te ondersteun, om amptenare aanspreeklik te hou, om te verseker dat die nodige hulpbronne tydig voorsien word, en dat vakatures sonder versuim gevul word;
- Alle onderwysunies het voorgeneem dat hul lede betyds, in hul klasse en voorbereid sal wees, en aktief besig om onderrig te bied;
- Alle vennote het voorgeneem om ‘n klimaat te skep waar alle rolspelers hul toewyding aan professionaliteit toon;
- Alle vennote het voorgeneem om die ontwikkeling van ‘n kultuur van leer, onderrig en dissipline in alle skole te bevorder;
- Alle vennote het voorgeneem om gehalte diens op alle vlakke te behaal;
- Alle rolspelers het voorgeneem om hul eie pligte en verantwoordelikhede uit te voer; en
- Alle rolspelers het voorgeneem om alle skole as sentrums van voortreflikheid te vestig.
- Form strong partnerships and ensure their successful implementation as with NEDLAC.

## 4 hoofdoelwitte

- Om die skepping van OLVG-strukture op alle vlakke van die onderwyssisteem te bestuur en koördineer ten einde die implementasie van die onderwysverwante ononderhandelbare items in al ons skole;
- Om te verseker dat die ononderhandelbare items ‘n werklikheid word om te verseker dat gehalte onderrig en leer regoor die land gelewer word;
- Om gemeenskappe te mobiliseer en bewustheid oor die rolle en verantwoordelikhede van alle burgers te skep in terme van die gewigtigheid van ‘n gehalte opvoeding; en;
- Om die uitvoer van die OLVG en die lewering van gehalte onderrig en leer in alle openbare skole te monitor en ondersteun.

## OLVG-Waardes

- **Integriteit** is die fondasie van OLVG, dit beteken dat alle mense regverdig behandel word en dat alle rolspelers in die onderwys die regsraamwerke en beleide sal onderhou.
- **Professionaliteit** is die sleutel vir sukses in die behaal van ons opdrag. Dit beteken ‘n voorneme om die Kode vir Onderwys van Gehalte te onderhou en om individuele verantwoordelikhede en funksies op die beste moontlike wyse uit te voer sodat ons onderwysdoelwitte bereik kan word;
- **Respek** is die basis vir ons optrede teenoor kollegas, leerders, SBR’e, gemeenskappe, tradisionele leiers en ander. Dit beteken dat daar sensitief en simpatiek teenoor die regte van individue opgetree sal word.
- **Samewerking** is die fondasie om toekomstige uitdagings aan te vat. Dit beteken die bou van vennootskappe en samewerking om gemeenskaplike doelwitte te bereik




## Aspekte wat die strategiese doelwitte en operasionele plan van die OLVG vorm gee

- Om te verseker dat die ononderhandelbare items werklikheid word sodat gehalte onderrig en leer regoor die land gelewer kan word;
- Om te verseker dat die advokaatskap van die OLVG se grondbeginsels aan departementele amptenare, onderwysers, leerders, ouers, gemeenskapstrukture en alle gemeenskapslede oorgedra word;
- Om alle belanghebbers op alle vlakke in en buite die onderwys te mobiliseer en sodoende by te dra by die oogmerke van die ononderhandelbare items en die OLVG-beginsels;
- Om te verseker dat nasionale en provinsiale OLVG-strukture volle verantwoordelikheid aanvaar vir die monitering en ondersteuning van OLVG-programme se bekendstelling en onderhoud;
- Om by te dra by die bekamping van afwesigheid en laat opdaag onder amptenare, onderwysers en leerders;
- Om, in samewerking met die RAVO, by te dra in die skepping van arbeidsvrede tussen partye by die RAVO;
- Om alle belanghebbers aan te vuur om eer en erkenning te gee aan voorbeelde van voortreflikheid en goeie prestasie, of positiewe bydraes in onderwys, vb. onderwysers, hoofde, skole, besighede, individue, NRO's, ens.;
- Om gemeenskappe, korporate, organisasies en gemeenskapslede vatbaar te maak om beide onderpresterende en suksesvolle skole aan te neem; en
- Om te verseker dat omvattende funksionele OLVG-strukture op alle vlakke, m.a.w. provinsies, streke en skole, op die been gebring word en bemagtig word

## Die Uitvoerstrategie vir die Sleutellewerbares

Die volgende sleutellewerbares is uiters belangrik vir die suksesvolle uitvoer van die **ononderhandelbare items** en om die gaping tussen die huidige omstandighede en die gewenste toekomstige omstandighede te oorbrug en om die lewering van gehalte onderrig en leer in skole deur die volgende positief te raak:-

- Stigting en bemagtiging van OLVG-strukture;
- Aanneem van onderpresterende en goedpresterende skole;
- Erkenning van voortreflikheid en uitmuntende prestasies;
- Bekamping van hoë afwesigheidsyfers en laat opdaag onder departementele amptenare, onderwysers en leerders;
- Skepping van arbeidsvrede en spoedige verwerking van dissiplinêre sake;
- Tydige aanstelling en toewysing van onderwysers aan skole;
- Verbetering van skoolvoeding;
- Voorsiening van toepaslike leerder en onderwyser hulpbronne;
- Verbetering van skoliervervoerskema;
- Verbetering van basiese skoolinfrastruktuur;
- Verbetering van die algehele prestasie van departemente, streke, rondgaande komitees en skole;
- Voldoende finansiële bestuur;
- Bestuur van gevare en veiligheid en beveiliging;
- Bekamping van bedrog en korrupsie;
- Verbetering van kurrikulumbestuurkapasiteit; en
- Verbetering van reaksies op noodgevalle wat onderrig onderbreek, soos natuurrampe, ongelukke, veldbrande ens.




Die Adjunkminister, Mnr. Enver Surty, gee skool by Segonyane Laerskool in die Noord-Kaap, Augustus 2011

## Strategiese Aanwysers om die Sukses van die Programme te Meet


- Verbeterde onderrig en leer in skole;
- Die bywoningsbeleid en sy praktyk is geïmplementeer;
- Verlaagde afwesigheidsyfer en laat opdaag;
- Onderwysers spandeer meer tyd besig om skool te gee en spandeer minstens 7 ure by die skool;
- Voldoende voorsiening en aflewering van handboeke;
- ‘n Balans word tussen onderwysers se houding en erkenning van voortreflikheid gevind;
- Verbeterde leerderverkrygingsvlakke in onderpresterende skole wat aangeneem is;
- Versterkte vennootskappe met die belanghebbers;
- Ontwikkeling van ‘n kultuur van leer, onderrig en dissipline in alle skole;
- Verkryging van gehalte diens op alle vlakke;
- Alle rolspelers vervul hul respektiewe pligte en verantwoordelikhede; en
- Die opbou van alle skole as sentrums van voortreflikheid



# HOE OM ONS DOELWITTE TE BEREIK

## (1) INSTELLING VAN OLVG-STRUKTURE

## Die OLVG-struktuur




* waar toepaslik

# OLVG-STRUKTURE

## Verantwoordelikheid

Die politiese verantwoordelikheid vir die OLVG sal aan die Minister of respektiewe LUR behoort. Die verantwoordelikheid vir die implementasie en bestuur van die OLVG sal aan die Direkteur-Generaal (DG) en die provinsiale Hoofde van die Departement (HvD) behoort.

## Die implementasie en bestuur van verantwoordelikhede deur die DG/HvD's moet die volgende insluit, maar is nie daartoe beperk nie:

a. Stigting van die omvattende belanghebbende OLVG-strukture op alle vlakke van die departement, m.a.w. provinsiaal, streeks en skool.

b. Koördinering en monitering van die veldtog se implementasie op alle vlakke; en.

c. Monitering van belanghebbers se nakoming van die OLVG-voornemens.

## Die Nasionale OLVG-Loodskomitee (NOLVGLK)

Nasionale OLVG-Loodskomiteevergaderings moet slegs onder voorsitterskap van die Minister/Adjunkminister of die Direkteur-Generaal gehou word en moet minstens eenmaal per kwartaal gehou word.

Die NLK bestaan uit senior amptenare in die Departement van Basiese Onderwys, hoofde van alle onderwysunies, hoofde van provinsiale Departemente van Onderwys, verteenwoordigers van die Federasie van Beheerliggame, die Kongres van Tradisionele Leiers van Suid-Afrika (KONTRALESA), Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders (SARO), die Raad op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys (RAVO) en die Kongres van Suid-Afrikaanse Studente (COSAS).

## Die Nasionale OLVG-koördineringspan (GKS)

'n OLVG Gehaltekoördinasiespan (GKS) bestaan uit 'n projekbestuurder en onderwysunieverteenwoordigers wat gesekondeer is aan die Departement van Basiese Onderwys om die implementasie en bekendstelling van OLVG-programme regdeur die land te behartig.

- Die GKS stel verslae vir die Nasionale OLVG-Loodskomitee saam;
- Die GKS reageer spoedig op klagtes uit die openbaar rakende sake wat die lewering van gehalte onderrig en leer belemmer;
- Programme en werkswinkels word ter ondersteuning van die veldtog deur die GKS gelei; en
- Daar word van die Gehaltekoördineringspan (GKS) vereis om partye se nakoming van ononderhandelbares te monitor



Vergadering met 'n nasionale OLVG-koördineringspan en provinsiale OLVG-koördineerders, Pretoria, November 2011

## Die Provinsiale OLVG-Loodskomitee (POLVGLK)

Die verantwoordelikheid vir die provinsie se OLVG lê by die Kantoor van die LUR.

Die verantwoordelikheid vir die implementasie en bestuur van die OLVG sal aan die Hoofde van die Departement (HvD) in elke provinsie behoort. Die implementasie en bestuur van verantwoordelikhede deur die HvD's moet die volgende insluit, maar is nie daartoe beperk nie:

a. Stigting van die omvattende belanghebbende OLVG-strukture op alle vlakke van die provinsiale departement, veral by skole.

b. Monitering van belanghebbers se nakoming van OLVG-voornemens; en.

c. Koördinering en monitering van die veldtog se implementasie op alle vlakke in die provinsie.

Elke provinsie sal 'n Provinsiale OLVG-Loodskomitee stig. Provinsiale strukture moet die belangrikheid van elke provinsie se billikheidsreg, verteenwoordiging en uniekheid in ag neem. Die breë verteenwoordigingsbeginsel moet betrekking hê, maar moet ook teen 'n redelik groot en gebalanseerde komitee gebalanseer word. Provinsiale OLVG-Loodskomitee vergaderings moet slegs onder voorsitterskap van die LUR of HvD gehou word.

Aangesien die OLVG streef om onderwys 'n maatskaplike saak te maak, moet alle vlakke van die OLVG-strukture ook so omvattend moontlik wees. Afhangende die dinamika van die betrokke provinsie, streek en skool, kan die OLVG-strukture die volgende insluit, maar is nie daartoe beperk nie:

- SBL-verteenwoordigers;
- Verteenwoordigers van die onderwysunie;
- Verteenwoordigers van leerderstrukture en of VL's;
- Geloofstrukture;
- Tradisionele leiers;
- Gemeenskapsorganisasies; en
- Besigheidsmense of -organisasies.

## **Die Provinsiale OLVG-Loodskomitee** sal uit die volgende bestaan:

- die Hoof van die Departement wat vergaderings sal saamroep en as voorsitter dien;
- die OLVG se Provinsiale Koördineerder;
- streeksverteenwoordigers;
- provinsiale unieleiers van elke unie, mits hul lede in die provinsie het;
- ‘n verteenwoordiger per Federasie Beheerliggaam; en
- ‘n verteenwoordiger vir ouers, plaaslike leiers, tradisionele leiers of gemeenskapstrukture wat gemeenskappe in die provinsie verteenwoordig, en leerder-/studentstrukture.

## Rolle en Verantwoordelikhede.

Die POLVGLK is vir die volgende verantwoordelik:

- koördinering van die OLVG-program in die provinsie;
- om te verseker dat OLVG-strukture op streeks- en skoolvlakke gestig word;
- om die veldtog se implementasie op alle vlakke in die provinsie te monitor;
- om elke kwartaal verslae met betrekking op die implementasie van die veldtog saam te stel oor nakomingsvlakke by skole en streke;
- met die provinsiale Departement van Onderwys, Streke en Skole skakel; en
- verslae saamstel en aanbevelings maak aan beide die PDH’s en die POLVGLK in verband met verslae se bevindinge.

Die POLVGLK moet minstens eenmaal per kwartaal vergader.

## Die OLVG-Streeksforum (OLVGSF)

Provinsiale strukture moet die belangrikheid van elke provinsie se billikheidsreg, verteenwoordiging en uniekheid in ag neem. Die breë verteenwoordigingsbeginsel moet betrekking hê, maar moet ook teen ‘n redelik groot en gebalanseerde komitee gebalanseer word. Die OLVGSFK moet minstens eenmaal per kwartaal vergader.

### Die OLVG-streeksforum sal uit die volgende bestaan:

- die Streeksbestuurder wat te alle tye die OLVGSF sal saamroep en as voorsitter dien;
- die OLVG-streekskoördineerder;
- ‘n verteenwoordiger per skool of van skole;
- unieleiers van elke unie, mits hul lede in die streek het;
- ‘n verteenwoordiger per Federasie Beheerliggaam;
- ‘n verteenwoordiger vir ouers of plaaslike leiers of hoofmanne of gemeenskapstrukture wat gemeenskappe in die streek verteenwoordig, en;
- Verteenwoordigers van leerderstrukture en/of VL’s

### Rolle en verantwoordelikhede van die OLVGSF

Die Streeksforum is vir die volgende verantwoordelik:

- om minstens eenmaal ‘n maand te vergader, met ‘n oorweging vir eenmaal per kwartaal sodra die proses suksesvol geïmplementeer is;
- koördinering en monitering van die veldtog se implementasie op alle vlakke in die streek: streeks-, rondgaande en skoolvlakke;
- om nakoming van die ononderhandelbare items deur rolspelers te verseker;
- om die stigting van die verskillende OLVG-strukture in rondgaande komitees en skole te verseker;
- om minstens elke kwartaal verslag te lewer aan die provinsiale OLVG-loodskomitee oor die doeltreffendheid van die veldtog op rondgaande en skoolvlakke;
- om te verseker dat verslae van elke skool ontvang is soos deur die POLVGLK vasgestel is;
- om met die PDO, streke en skole te skakel met betrekking op sake wat in rondgaande komitee- en skoolverslae uitgelig is; en
- om verslae saam te stel en aanbevelings te maak aan beide die PDO’s en die SOLVG SBL-komitee met betrekking op die verslae se bevindinge.

## Die Skool OLVG SBL-komitee (SOLVGSBL)

Hierdie struktuur moet as die belangrikste OLVG-struktuur gesien word, aangesien dit onderwysers, ouers, departementele amptenare, leerders en die gemeenskap direk betrek. Dit is die belangrikste middel om gehalte onderrig vir almal te behaal deur alle lede van die gemeenskap rondom onderwys te mobiliseer.

### Samestelling van die SOLVGSBL

Die SOLVGSBL sal 'n Skoolbeheerliggaam wees en behoort uit die volgende te bestaan:

- 'n lid van die SBL wat as voorsitter van die subkomitee sal dien;
- die hoof;
- toepaslike onderwyserverteenwoordiging (m.a.w. een uit elke unie wat in die personeel verteenwoordig is);
- organisasies wat op ouers, die gemeenskap of geloof gegrond is, indien en wanneer toepaslik;
- VL-verteenwoordiger by sekondêre skole; en
- 'n streeks- of rondgaandekomitee verteenwoordiger (waar moontlik).

### Rolle en Verantwoordelikhede

Die rolle en verantwoordelikhede van die SOLVG SBL-komitee is as volg:

As 'n SBL-komitee van die SBL, is dit belangrik dat die SBL-komitee gereeld aan die SBL verslag doen oor bevindings, voorgestelde aksies en gemeenskapsuitreike sodat duplikasie sodoende vermy kan word. Daar is twee hoofaspekte aan die rolle en verantwoordelikhede van die SOLVG SBL-komitee. Hulle is:

- Om nakoming van ononderhandelbare items by die skool te monitor
- Om verslag oor uitdagings en beplande aksies wat in die skool en gemeenskap geneem moet word, aan die SBL en die OLVG-steekstruktuur te lewer; en
- Om die skool en breër gemeenskap in ondersteuning van die OLVG te mobiliseer om sodoende gehalte onderwys vir almal te behaal.

#### Meer breedweg beteken dit dat die OLVG SBL-komitee behoort

- te verseker dat alle rolspelers hul respektiewe voornemens in die skool nakom en dat die skool die OLVG pligte en opdragte uitvoer;
- te verseker dat alle rolspelers by die skool – insluitende die hoof en onderwys- en administratiewe personeel, leiers, ouers en gemeenskapslede – die belangrikheid en bestek van die OLVG verstaan en ten volle aan die SOLVG SBL-komiteestruktuur deelneem;
- die uitdagings en suksesse van die OLVG en sy doeltreffendheid om skoolrolspelers te mobiliseer in die uitvoer van OLVG-pligte en die ononderhandelbare items, te monitor en daaroor verslag te lewer;
- te verseker dat daar voldoende advokaatskap aan die veldtog toegeken word deur met ouers en die gemeenskap te skakel; en
- gereelde verslae, soos vereis, aan die OLVGSF in te dien oor die veldtog se doeltreffendheid op die skoolvlak. (sien Bylaag A, bladsye 58 - 59, vir voorbeelde van agendas en moniteringsvoorbeelde);

# HOE OM ONS DOELWITTE TE BEREIK

## (2) VERSTAAN DIE ONONDHANDELBARE ITEMS

# VERSTAAN DIE ONONDHANDELBARE ITEMS

Die hoofdoelwit van die OLVG is om die skepping van OLVG-strukture op alle vlakke van die onderwyssisteem te bestuur en koördineer ten einde die implementasie van die onderwysverwante ononderhandelbare items in al ons skole

## Moniteringsinstrumente vir Skool se OLVG SBL-komitee

Die OLVG vereis dat alle onderwysers en amptenare aan die ononderhandelbare items voldoen in die strewe daarna om vir almal gehalte onderrig te voorsien en, as sulks, is die aspekte wat gemonitor moet word, pertinent tot die veldtog.

Die OLVG-skoolkomitee se opdrag is om:

- Die skool se funksies te monitor en daarop verslag te lewer, asook om enige uitdagings en suksesse uit te lig;
- Gereeld te vergader om skoolvordering te bespreek; en
- Die gemeenskap te mobiliseer in ondersteuning van die skool.

Die OLVG-skoolkomitee moet selfondersoek oor die volgende belangrike vrae instel:

- Wat beteken die ononderhandelbare items met betrekking op ons skool? Werk ons skool?
- Wat kan ons doen om te verseker dat ons enige uitdagings oorkom om aan die ononderhandelbare items te voldoen?
- Hoe kan ons die gemeenskap betrek in ondersteuning van ons pogings om gehalte onderrig en leer te behaal?

Dit is belangrik om die implikasies van die ononderhandelbare items te ondersoek:

*WOns stel ons ononderhandelbare items weer. Onderwysers moet by die skool in die klas wees – betyds, besig om skool te gee, sonder om in hul pligte te versuim en sonder om leerders te mishandel! Die kinders moet in hul klasse wees – betyds, besig om te leer, met respek vir hul onderwysers en vir mekaar, en bereid om hul huiswerk te doen…'*

President Zuma, Staatsrede, 03 Junie 2009

Die President het ook beklemtoon dat daar drie goed nodig is vir leer om plaas te vind. Hulle is: *"onderwysers wat betyds is, wat met toepaslike opleiding met die regte handboeke skoolgee, en voldoening aan die ononderhandelbare items"*.




President Jacob Zuma se besoek aan Vulumzi Junior Laerskool, Oos-Londen, Junie 2011

Die volgende tabel toon ononderhandelbare items en gee moontlike verduidelikings waarom daar nie aan die ononderhandelbare items voldoen word nie:

| Ononderhandelbare Item | Tekens | Moontlike redes |
|---|---|---|
| *Onderwysers is in hulle klasse en amptenare is by hulle werkstasies of werksplekke* | *Hoë afwesigheidsyfer* | *Bywoning by opleidingswerkswinkels of vergaderings tydens skooltyd*<br>*Ongemotiveerd/depressief*<br>*Siek of ongesteld*<br>*Gebrek aan erkenning aan en bedanking van onderwysers en amptenare* |
| *Onderwysers gee skool en amptenare lewer werk soos beskryf in hul werksbeskrywing* | *Fisies in die klas, maar nie bereid om skool te gee nie*<br>*Fisies in kantoor maar nie van die nodige hulpbronne en ondersteuning aan streke en skole verskaf nie* | *Geen motivering*<br>*Geen beplanning van kurrikulum in provinsie, streek of by die skool nie*<br>*Gebrek aan ontwikkeling van onderwysers en amptenare*<br>*Onderwysers gee vakke waarvoor hulle nie kwalifikasies het nie/Amptenare is as spesialiste in vakke aangestel waarvoor hulle nie kwalifikasies het nie*<br>*Tekort aan onderwysers/kurrikulumspesialiste*<br>*Oorvol klaskamers* |
| *Geen nalating van pligte* | *Onderwysers is nie voorberei nie, merk nie leerders se werk gereeld nie, gee nie gereelde terugvoer aan ouers en leerders nie*<br>*Handhaaf nie 'n professionele houding nie* | *Geen motivering*<br>*Geen beplanning van kurrikulum in provinsie, streek en by die skool nie*<br>*Gebrek aan ontwikkeling van onderwysers/ amptenare* |
| *Geen mishandeling van leerders* | *Fisiese of seksuele mishandeling van leerders* | |
| *Gee gereelde terugvoer aan ouers en leerders* | *Afwesigheid*<br>*Opskoppers*<br>*Skool word deur die dag gebank*<br>*Word deur onderwysers rondgestuur* | *Geen motivering*<br>*Gebrek aan verantwoordelikheid vir leer*<br>*Geen leiding oor toekomstige loopbaanmoontlikhede*<br>*Geen suksesvolle rolmodelle*<br>*Gebrek aan ondersteuning by die huis*<br>*Lei aan fisiese of seksuele mishandeling*<br>*Word gereeld afgeknou*<br>*Dwelmmisbruik*<br>*Misdadigheid* |
| *Kinders moet in die klas wees* | *Afwesigheid*<br>*Opskoppers*<br>*Skool word deur die dag gebank*<br>*Word deur onderwysers rondgestuur* | *Geen motivering*<br>*Gebrek aan verantwoordelikheid vir leer*<br>*Geen leiding oor toekomstige loopbaanmoontlikhede van die skool, streek en provinsie*<br>*Geen suksesvolle rolmodelle*<br>*Gebrek aan ondersteuning by die huis en geen programme by die skool, streek en provinsie om leerders of ouers by te staan nie*<br>*Ly aan fisiese, emosionele of seksuele mishandeling*<br>*Word gereeld afgeknou*<br>*Dwelmmisbruik*<br>*Misdadigheid* |
| *Kinders moet betyds wees* | *Daag laat vir skool op* | *Geen motivering*<br>*Gebrek aan verantwoordelikheid vir leer en vir ondersteuning van kwesbare leerders*<br>*Gebrek aan ondersteuning by die huis, vb. weeskinders of kinders wat aan die hoof van hul gesinne staan*<br>*Geen vervoer vir skoliere* |

| Ononderhandelbare Item | Tekens | Moontlike redes |
|---|---|---|
| *Kinders moet aktief leer* | *Swak leerderprestasie* | *Swak kommunikasie oor verwagtinge tussen skool en leerder*<br>*Gedragskode word nie gehoorsaam nie*<br>*Geen werkboeke of handboeke*<br>*Geen tafels of stoele*<br>*Swak onderhoud van geboue*<br>*Honger*<br>*Moeg - Geen vervoer vir skoliere*<br>*Siek of ongesteld*<br>*Geen kultuur van verantwoordelikheid vir leer onder leerders en hul families nie* |
| *Kinders, onderwysers en amptenare moet respek aan ander toon* | *Afknou*<br>*Ontwrigtende gedrag in klas*<br>*Gebrek aan sorg en ondersteuning vir leerders*<br>*Negatiewe houding, geen gevoel van dringendheid en swak behandeling van mense* | *Geen kultuur van respek en ander waardes by die skool, streek en provinsie*<br>*Skool se gedragskode en etiese kode vir staatsamptenare word nie nagekom nie* |
| *Kinders, onderwysers en amptenare moet hul werk doen* | *Kinders, onderwysers en amptenare ignoreer instruksies om hul werk te doen*<br>*Swak dienslewering*<br>*Vertragings in reaksie op skool- en streeksversoeke* | *Verskonings*<br>*Geen ondersteuning by familie by die huis/geen ondersteuning en leiding deur die bestuur*<br>*Te veel familieverantwoordelikhede*<br>*Gebrek aan fasiliteite by die huis, skool en streek* |
| *Die Drie Belangrike Items* | | |
| *Skoolgee met bronmateriaal* | *Geen of min handboeke of werkboeke beskikbaar aan leerders en onderwysers in die klas of by die huis* | *Geen aflewering of laat aflewering van werkboeke en handboeke*<br>*Tekorte aan werkboeke of handboeke – leerders het nie almal werkboeke of handboeke nie*<br>*Werkboeke en handboeke word deur die skool ontvang maar word nie uitgedeel nie*<br>*Kinders verloor of beskadig boeke*<br>*Geen sisteem om skoolhandboeke terug te kry bestaan nie* |
| *Gereelde ontwikkelingsondersteuning vir onderwysers en amptenare* | *Onvoldoende ondersteuning vir onderwysers en amptenare* | *Beperkte hulpbronne in die skole, streke en provinsies* |



# HOE OM ONS DOELWITTE TE BEREIK

## (3) MONITERING EN VERSLAGGEWING BY ALLE OLVG-VLAKKE

# MONITERING EN VERSLAGGEWING OP ALLE VLAKKE VAN OLVG-STRUKTURE

Monitering en verslaggewing op alle vlakke van OLVG-strukture is noodsaaklik vir die veldtog om die gehalte van onderrig en leer in al ons skole te verbeter.

Lede van enige van die OLVG-strukture, of dit skool-, rondgaande, streeks-, provinsiale of nasionale komitees is, skakel direk met die ander en aanvullende komitees wanneer hulle hul eie vlak van die sisteem monitor. Probleme en suksesse wat, byvoorbeeld, op skoolvlak ervaar word, moet ingesluit word in die verslae wat van die komitee vereis word en na die volgende vlak aangestuur word.

Alle moniteringsverslae, sowel as enige probleme wat geïdentifiseer is, moet uiteindelik die nasionale OLVG-strukture bereik, veral indien hul nie gepas aangespreek is op die ander provinsiale, streeks- en skoolvlakke van die OLVG-strukture nie.

‘n Tweede meganisme wat deur belanghebbers gebruik word, is om te verseker dat die uitslae van die monitering aan hul belanghebbende verteenwoordigers by die rondgaande, streeks-, provinsiale en nasionale vlakke gemeld word om sodoende te verseker dat hulle aangespreek word en só die skoolproses ondersteun.

Besprekings en ooreenstemming op die baie belangrike verslag wat deur die QLTC-skoolkomitee saamgestel is, wat beide suksesse en probleme weergee, moet aan beide die SBL en die streeks-/rondgaande OLVG-komitee gestuur word.

## OLVG-vlakke van Verslaggewing




*waar toepaslik

## OLVG monitering en verslaglewering op die verdere uitvoering van die jaarlikse nasionale assessering en die NSS Graad 12-uitslae

JA verwys na JNA, NSS en enige ander assessering wat deur die DBO en/of PDO bekragtig is

## Bestuur

*Die belangrikheid daarvan om aksies te monitor in verband met die "verbeteringsplanne" wat uit die assesserings voortvloei, wat in elke klas by die skool geneem word, veral op 'n rondgaande of streeksvlak, sowel as op 'n provinsiale vlak kan nie oorbeklemtoon word nie*

## Skool se OLVG SBL-komitee – Verantwoordelikhede

- *JA-uitslae word met die OLVG SBL-komitee gedeel;*
- *Verbeteringsplan word met die OLVG gedeel;*
- *Ooreenstemming word bereik oor hoe beide die uitslae sowel as die verbeteringsplan met die ouers en gemeenskap gedeel word;*
- *Ooreenstemming word bereik op hoe die monitering van die plan plaas moet vind en hoe vordering of gebrek daaraan aan die gemeenskap gekommunikeer sal word; en*
- *Skool-OLVG moet die moniteringsvoorbeeld gebruik wat deur die OLVG Provinsiale SK ontwerp is om aan die Rondgaande/ Streekskomitee verslag te gee*

## OLVG-Rondgaande/Streekskomitee – Verantwoordelikhede

- *Tersaaklike JA-uitslae word met OLVG Rondgaande/Streeks- (R/S-)komitees gedeel;*
- *R/S-verbeteringsplan word met komitees gedeel;*
- *Ooreenstemming word bereik oor hoe die monitering van die plan op 'n R/S-vlak moet plaasvind; en*
- *Komitee moet die verslae wat van skole ontvang is, evalueer en moet strategieë aanbeveel om geïdentifiseerde probleme aan te spreek*

## Rondgaande/Streekskomitees

Rondgaande en Streeksplan moet die volgende oorweeg:

- *Vlak van bestuur, kurrikulum en PO-ondersteuning wat aan skole gegee word;*
- *Bestuursbevoegdheid van die hoof;*
- *Gemeenskaplike bestuursbevoegdheid van die SBS;*
- *Vakatures by die skool, wat SBS insluit;*
- *Kwalifikasies en ervaring van die onderwysers, in vakke waar swak prestasie bekend is;*
- *Beskikbaarheid van LOSM by die skool, in die geïdentifiseerde vakke (vb. Wiskunde); en*

- *Word daar van onderwysers verwag om die vereiste hoeveelheid tyd op die vak te spandeer?*


## Vakondersteuning vir Skole

### Die vakspesialis moet:

- *Verantwoordelikheid neem vir die aanspreek van al die vakverwante kwessies, wat kan insluit:*
- *Aanspreek van kennis- en vaardigheidgebrek in vakke/areas;*
- *Help met skool-, klas-, skoolbeplannings-, onderrigprogramme en voorbereiding;*
- *Ontwikkeling van assesseringsprogramme;*
- *Ontwikkeling van assesseringsopdragte wat op 'n toepaslike standaard is;*
- *Lei die onderwysers op om item ontleding op skoolvlak uit te voer; en*
- *Ontwikkeling van herstellende programme wat spesifieke swak areas teiken*

## Die OLVG se Provinsiale Loodskomitee (LK) se Verantwoordelikhede

- *Die HvD sal met die OLVG-LK die strategieë deel wat op 'n provinsiale vlak in plek is. Hierdie strategieë sal op die uitslae van die assesserings reageer, wat die omdraaistrategieë, watter moniteringsprosesse in plek is en wat die tydsberaming om die monitering is, insluit*
- *LK moet die verslae wat van S/R ontvang is, evalueer en moet strategieë aanbeveel om geïdentifiseerde probleme aan te spreek.*
- *LK moet hul moniteringsvoorbeeld gebruik om aan die nasionale LK verslag te lewer*



Ouer by die provinsiale OLVG-loodgeleentheid in Limpopo, Mei 2010

## MONITERING EN VERSLAGGEWING OP SKOOLGEREEDHEID
## MONITERINGSINSTRUMENT VIR PROVINSIALE GEREEDHEID

**Naam van Provinsie:** ____________________

**Kantoor se Adres:** ____________________

**Naam van Hoof van die Departement:** ____________________

**Kontaknommer(s):** ____________________

**Faks:** ____________________

**E-posadres:** ____________________

**OLVG-koördineerder(s):** ____________________

____________________

**1. KURRIKULUMHULPBRONNE:-**

| | Ononderhandelbare Item | Bevindings/Bewyse | Opmerkings/Uitdaging |
|---|---|---|---|
| 1 | Het die aflewering van die LOSM aan alle skole voor die einde van die vorige jaar verseker | | |
| 2. | Het alle vakatures geadverteer en verseker dat aanstellings gefinaliseer is | | |
| 3. | Het identifisering en plasing van alle ekstra opvoeders bestuur | | |
| 4. | Het verseker dat fondse van die vorige jaar aan alle skole betaal is en dat die huidige akademiese jaar op skedule is | | |
| 5. | Ouditverslae en ingrypingsplanne vir skaarse vakke en vaardighede in die provinsie is saamgestel | | |
| 6. | Provinsiale kurrikulumopleidingsprogram vir die jaar is aan alle streke versprei | | |
| 7. | Leerder- en onderwyserbywoningsregisters is aan streke besorg en is besig om implementasie van beleide te monitor | | |
| | **2. VOORSIENING VAN KURRIKULUM:** | | |
| 8. | Het die toelatingsprosesse vir leerders in alle skole bestuur en gemonitor en uitvoerige verslag saamgestel | | |
| 9. | Het meganismes in plek gestel om die streeksprestasie te monitor in verband met ondersteuning van skole in implementasie van kurrikulum, onderwyserontwikkeling en strategieë om sodoende die uitslae van JNA en ander aanwysers aan te spreek | | |
| 10. | Het provinsiale kurrikulum riglyne, wat jaar- en termynplanne aan streke insluit, gefinaliseer en versprei | | |
| 11. | Het streke van die provinsiale riglyne oor vakke, rooster, aflosrooster, terreindiensrooster ens. voorsien | | |
| | **3. VEILIGHEID EN BEVEILIGING:** | | |
| 12. | Het streke voorsien van die veiligheids en beveiligingsmeganismes vir die beheer van besoekers se bewegings en beleidsriglyne | | |
| 13. | Het die provinsiale gevaarassessering; planne en riglyne vir storms en gesondheidsrisikofaktore; en maatreëls om misdaad, dwelms en geweld te beveg, opgetrek en versprei | | |
| | **4. SKOOLINFRASTRUKTUUR:** | | |
| 14. | Bestuursplan vir regstelling van groot infrastruktuurprobleme is in plek met duidelike tydsraamwerke vir lewering en begrotingtoekennings, vb. dakke wat lek, mure wat omval, klaskamertekorte, skole met stormskade | | |
| | **5. BESTUUR EN LEIERSKAP:** | | |
| 15. | Vestiging van provinsiale OLVG-strukture met duidelike opdragte en ‘n plan om die implementasie van ononderhandelbare items te monitor | | |

**Provinsiale hoof van die departement/toegewese amptenaar:** ____________________ **Datum:** ________________

## MONITERING EN VERSLAGGEWING OP SKOOLGEREEDHEID

## MONITERINGSINSTRUMENT VIR STREEKSGEREEDHEID

**Streek:** ______________________________

**Kantoor se Adres:** ______________________________

**Naam van Streeksdirekteur:** ______________________________

**Kontaknommer(s):** ______________________________

**Faks:** ______________________________

**E-posadres:** ______________________________

**OLVG-koördineerder(s):** ______________________________

______________________________

**1. KURRIKULUMHULPBRONNE:-**

| | Ononderhandelbare Item | Bevindings/Bewyse | Opmerkings/Uitdaging |
|---|---|---|---|
| 1 | Het verseker dat die LOSM tydig aan alle skole afgelewer is | | |
| 2. | Het verseker dat alle skole kortlyste en onderhoudsprosesse gefinaliseer het en aanstellings gefinaliseer het | | |
| 3. | Het identifisering en plasing van alle ekstra opvoeders voltooi | | |
| 4. | Het verseker dat fondse van die huidige akademiese jaar aan alle skole betaal is | | |
| 5. | ‘n Ouditverslag en ingrypingsplan vir skaarse en kritiese vakke is saamgestel en aan die provinsie gestuur | | |
| 6. | Het skole van die kurrikulumriglyne verskaf op die vakrooster, aflosrooster, terreindiensrooster ens. | | |
| | **2. VOORSIENING VAN KURRIKULUM::** | | |
| 7. | Het die toelatingsprosesse in alle skole bestuur en gefinaliseer | | |
| 8. | Het beide leerder- en onderwyserbywoningsregisters aan skole besorg en is besig om implementasie van bywoningsbeleide te monitor | | |
| 9. | Het streekskurrikulumbestuursplanne ontwikkel en versprei aan alle skole, insluitend jaar- en termynwerkplanne | | |
| 10. | Het skole ondersteun in die ontwikkeling van hul kurrikulumplanne, gebaseer op die JNA-uitslae of Graad 12-uitslae of enige ander aanwyser | | |
| | **3. VEILIGHEID EN BEVEILIGING:** | | |
| 11. | Skole is voorsien van die veiligheid en beveiligingsmeganismes om besoekers se bewegings te kontroleer en van ander beleidsriglyne | | |
| 12. | Het die gevaarassesseringsplanne; ingrypingsplan vir storm- en gesondheidsrisikofaktore; en maatreëls om misdaad, dwelms en geweld te beveg, versprei, en het die implementasie daarvan gemonitor | | |
| | **4. SKOOLINFRASTRUKTUUR:** | | |
| 13. | Het bestuurplan opgetrek vir al die groot infrastruktuurprobleme wat deur skole vermeld is, vb. dakke wat lek, mure wat omval, klaskamertekorte, skole met stormskade | | |
| 14. | Het infrastruktuur- en ander probleme aangespreek wat aan die provinsie vermeld is, vb. skole met stormskade, klaskamertekorte, ondergeskikte infrastruktuur ens. | | |
| | **5. OPVOEDERONTWIKKELING:** | | |
| 15. | Het die streeksopleidingprogram vir die ontwikkeling van onderwysers ontwikkel vir die akademiese jaar | | |
| | **6. BESTUUR EN LEIERSKAP:** | | |
| 16. | Het OLVG-streeksforums gestig met duidelike opdrag om die voldoening aan en implementasie van die ononderhandelbare items te monitor | | |

**Provinsiale hoof van die departement/toegewese amptenaar:** ________________ **Datum:** __________________

## MONITERING EN VERSLAGGEWING OP SKOOLGEREEDHEID

## MONITERINGSINSTRUMENT VIR SKOOLGEREEDHEID OP SKOOLVLAK

**Naam van Skool:** ______________________________

**Skool se Adres:** ______________________________

**Streek:** ______________________________

**EMIS-nommer:** ______________________________

**Naam van Hoof:** ______________________________

**Kontaknommer(s):** ______________________________

**Faks:** ______________________________

**E-posadres:** ______________________________

**OLVG-koördineerder(s):** ______________________________

**1. SKOOLINFRASTRUKTUUR:**

| HOOF EN SKOOLBESTUURSPAN | | | |
|---|---|---|---|
| Ononderhandelbare Item | | Bevindings/Bewyse | Opmerkings/Uitdaging |
| | Is daar voldoende tafels en stoele vir elke leerder? | | |
| | Indien nie, hoeveel leerders word hierdeur geraak? | | |
| | Is die skooleiendom omhein en beveilig? | | |
| | Het die skool ‘n werkende en toegeruste biblioteek? | | |
| | Is die wetenskaplaboratorium voorsien van toerusting en funksionaliteit? | | |
| | Het die skool voldoende water- en sanitasiefasiliteite? | | |
| | Werk die voedingsprogram doeltreffend? | | |
| | Het die skool sportfasiliteite? | | |
| | Is die skool oor die algemeen skoon? | | |
| | Is daar infrastruktuurprobleme en is hulle reeds aan die streek vermeld, vb. | | |
| | dakke wat lek, mure wat omval, klaskamertekorte? | | |

**2. VOORSIENING VAN KURRIKULUM:**

| OOF EN SKOOLBESTUURSPAN | | | |
|---|---|---|---|
| Ononderhandelbare Item | | Bevindings/Bewyse | Opmerkings/Uitdaging |
| | Die skool het kurrikulumbestuurplanne, insluitend:<br>• Jaar- en termynwerkplanne<br>• Lesroosters met buitemuurse aktiwiteite en dienslyste | | |
| | Is die skool ingelig van verwagtinge in verband met die kurrikulum se implementasie? | | |
| | Is die JNA-uitslae, Graad 12-uitslae of enige ander aanwysers gebruik as basis vir die ontwerp van die kurrikulumplanne? | | |
| | Is die toelating van leerders vir die huidige akademiese jaar betyds gefinaliseer? | | |
| | Is leerder- en onderwyserbywoningsregisters in plek en gekontroleer? | | |
| | Is die leerderbywoningsbeleid in plek? | | |
| | Het elke leerder ‘n handboek vir elke vak? | | |
| | Indien nie, hoeveel het nie en in watter areas? | | |
| | Is al die opvoeders wat aan vakke toegeken is gekwalifiseer om skool te gee? | | |
| | Indien nie, hoeveel en in watter areas? | | |
| | Is hulle aan klasse toegeken vir die huidige akademiese jaar | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Is daar enige klasse of vakke sonder opvoeders? | | |
| | Gee die vakke/grade/fases en hoeveelheid leerders wat geraak word. | | |
| | Indien enige leerders geraak word, watter aksie is geneem om dit reg te stel? | | |

**3. KURRIKULUMHULPBRONNE:**

| | Ononderhandelbare Item | Bevindings/Bewyse | Opmerkings/Uitdaging |
|---|---|---|---|
| | Posbeplanning gefinaliseer<br>• Vakatures gevul<br>• • Ekstra opvoeders is geïdentifiseer en gebruik | | |
| | Is alle (bestelde) skryfbehoeftes by die skool afgelewer voor heropening in die nuwer jaar? | | |
| | Is dit aan alle leerders versprei? | | |
| | Is daar enige tekorte? | | |
| | Is werkboeke in die regte taal ontvang? | | |
| | Is daar 'n sisteem in plek om handboeke terug te kry? | | |
| | Indien ja, is die sisteem suksesvol? | | |
| | Is hulle aan klasse toegeken vir die huidige akademiese jaar | | |

**4. OPVOEDERONTWIKKELING:**

| | Ononderhandelbare Item | Bevindings/Bewyse | Opmerkings/Uitdaging |
|---|---|---|---|
| | Is die plan vir die ontwikkeling van onderwysers in plek? | | |
| | Het die skool die nodige ondersteuning van die streekskantoor ontvang, m.a.w. streek het werkswinkels gehou om onderwysers oor die kurrikulumveranderinge in te lig? | | |
| | Opleidingsprogram vir ontwikkeling van onderwysers in die streek is ontwikkel en versprei | | |

**5. SKOOLVEILIGHEID EN -BEVEILIGING:**

| | Ononderhandelbare Item | Bevindings/Bewyse | Opmerkings/Uitdaging |
|---|---|---|---|
| | Kennis van die veiligheidsmaatreëls, dissiplinêre prosedures en daaropvolgende rolle | | |
| | Is die sleutelbeleide in plek in verband met toelating, veiligheid, dissipline, onderwyser- en leerderoptrede, swangerskap en ander beleide wat gedragskodes insluit? | | |
| | Is oor gedragskode in kennis gestel en het dit geteken | | |
| | Die skool se gedragskode is deur alle belanghebbers geteken | | |
| | Is 'n gevaarassessering en ingrypingsplan in plek (maatreëls vir storms, gesondheidsrisiko's, bevegting van misdaad, dwelms, geweld ens.)? | | |
| | Is die toegangsbeheerregister vir besoekers in plek? | | |

**6. BESTUUR EN LEIERSKAP:**

| | Ononderhandelbare Item | Bevindings/Bewyse | Opmerkings/Uitdaging |
|---|---|---|---|
| | Is van rolle en verantwoordelikhede ingelig | | |
| | Het verseker dat die veiligheid en dissiplinêre beleide ontwikkel is en in plek is | | |
| | Het 'n skedule vir ouervergaderings ontwikkel | | |
| | Het verseker dat die ouers van die geskeduleerde vergaderings ingelig is | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Het die OLVG SBL-komitee gestig om die ononderhandelbare items te monitor | | |
| | Is die SBL-komitee aktief, besig om gereeld te vergader en om aan die SBL verslag te doen? | | |
| | Indien nie, hoekom? | | |
| | Het ander toepaslike SBL-komitees gestig, vb. finansies, dissipline ens | | |
| | Het verseker dat alle vakatures geadverteer word en dat aanbevelings aan die departement gestuur is vir die poste om gevul te word | | |
| | Het infrastruktuurprobleme aangespreek en het ander aan die streek vermeld, vb. dakke wat lek, mure wat omval, klaskamertekorte | | |
| | Is die skoolbegroting vir die volgende jaar goedgekeur? | | |

**Hoof:** ______________________________ **Datum:** ____________________

Skoolstempel

## Hoe kan 'n skool se OLVG SBL-komitee 'uitdagings' monitor en daaroor verslag lewer?

| Uitdaging | Verwysing in beleidsraamwerk | Protokolroete(s) | OLVG |
|---|---|---|---|
| Hoë afwesigheidsyfer | Leerderbywoningsbeleid Verlofbeleid | SBL,<br>Hoof<br>Streeksforum | Verwys saak na die OLVG-komitee<br>Saak moet met die hoof bespreek word<br>OLVG moet die saak in die verslag aan die SBL en die Streek se OLVG insluit |
| Laat opdaag onder onderwysers, departementele amptenare en leerders | Wet op die Indiensneming van Opvoeders, Wet op die Staatsdiens<br>Skool se grondwet | Hoof, OLVG-komitee, SBL en Streek se OLVG | Saak moet met hoof en betrokke belanghebbers bespreek word<br>OLVG moet die saak in hul verslag aan die SBL en Streek se OLVG insluit<br>Gemeenskap kan met die monitering help |
| Onderwysers betyds in die klas, besig om skool te gee | Nasionale Beleidstellings<br>Periode-registers | Hoof, OLVG-komitee, SBL en Streek se OLVG | Bespreek die saak met die hoof en SBS en, indien nodig, meld saak aan die SBL en streek se OLVG |
| Tekort aan handboeke/<br>werkboeke | Norme en standaarde vir befondsing | Hoof, OLVG-komitee, SBL en Streek se OLVG | Bespreek saak met die hoof, gevolg deur 'n verslag aan die SBL en die streek se OLVG |
| Leerders presteer onder die nasionale standaard vir Jaarlikse Nasionale Assessering of NSS Graad 12-eksamens | Wet op die Indiensneming van Opvoeders<br>Wet op Nasionale Onderwys | Hoof, SBS, OLVG-komitee, SBL en Streek se OLVG | OLVG moet 'n verslag oor die JNA-uitslae van die hoof en SBS aanvra en vra vir enige verduideliking vir waarom prestasie laer as vereis is/was, sowel as 'n onderneming van dit wat in die klasse en skool gedoen gaan word om die uitslae reg te stel<br>Verslag moet aan die SBL en streek se OLVG gestuur word<br>Vergaderings met die ouers en gemeenskap moet deur die hoof saamgeroep word sodat die strategie vir verbeterde leerderprestasie in die openbaar verduidelik word. |
| Slegte moraal onder onderwysers | Werknemer gesondheidsprogram | Personeel, hoof, OLVG-komitee, gemeenskap, SBL en streek se OLVG | Bespreek die saak apart met die personeel en hoof Bepaal die hoofoorsake van die slegte moraal Bewerk 'n aanbeveling vir oorweging deur die OLVG-komitee – moet aan die SBL en streek se OLVG gemeld word |
| Gebrek aan erkenning aan en bedanking van onderwysers | Nasionale Onderwystoekennings, Wêreld Onderwysersdag | Personeel, OLVG-komitee, gemeenskap, SBL en streek se OLVG | OLVG-komitee moet maniere vind om erkenning te gee vir voortreflikheid en toegewydheid op 'n skool- en gemeenskapsvlak<br>Bepaal wat die hoof sover NOT gedoen het en doen verslag aan SBL<br>Wat het die skool in die verlede gedoen om Wêreld Onderwysdag te vier?<br>Hoe kan dit verbeter word sonder om die skooldag te ontwrig of om die skoolbegroting te gebruik?<br>Hoe kan die OLVG-komitee die gemeenskap betrek? |

| **Uitdaging** | **Verwysing in beleidsraamwerk** | **Protokolroete(s)** | **OLVG** |
|---|---|---|---|
| Vergroot interne kapasiteit | Opleiding, mentorskap, tweeling korrespondensie kursussse, Internet programme | Geloofs organisasies, gemeenskaps forums, skoolvergaderings, besighede, NEDLAC-akkoord | SBL, ouers, gemeenskapsleiers en lede |
| Verbeterde bestuur en nakoming | Opleiding, mentorskap, tweeling korrespondensie kursussse, Internetprogramme | Geloofs organisasies, gemeenskaps forums, skoolvergaderings, besighede, NEDLAC-akkoord | SBL, streek, ouers, gemeenskapsleiers en -lede |
| Verbeterde kommunikasie met ouers en die gemeenskap | Verbeterde skoolbeplanning | Hoof, SBS, OLVG-komitee, SBL en streek se OLVG | Bespreek die saak met die hoof en SBS en, indien nodig, meld saak aan die SBL<br>Verseker dat die hoof en SBS 'n jaarplan vir die skool saam met die SBL optrek, wat belangrike datums insluit soos skooltermyne, openbare vakansiedae, datums vir JNA en NSS Graad 12-eksamens, sowel as datums vir vergaderings met ouers en onderwysers, belangrike sport- en kultuurgeleenthede wat die hele skool betrek, SBL-ouervergaderings om die begroting te bespreek, sowel as die datum vir die jaarlikse skoolvoorraadopname en die inhandig van handboeke aan die skool deur leerders |
| Onderhoud van skoolinfrastruktuur, wat sport- en kulturele toerusting insluit | Skoolonderhoudsbeleid | Geloofs organisasies, gemeenskaps forums, skoolvergaderings, besighede, NEDLAC-akkoord | Bepaal die skool se onderhoudsbehoeftes en ontwikkel 'n plan vir gereelde onderhoud<br>Maak 'n lys van besighede en diensverskaffers in die gemeenskap, veral dié wat reeds met die skool verbind is, sluit kontakbesonderhede in en dra u onderhoudbehoeftes en -plan voor<br>Wys met voorbeelde<br>Neem deel aan die programme wat vir die onderhoud van infrastruktuur ontwikkel is<br>Dien as vrywilliger in die skool se voedings- en tuinwerkprogramme<br>Herstel vensters en help met ander klein herstelwerkies<br>Werf gemeenskapslede wat spesialiste in hul veld is, vb. loodgieters, elektrisiëns en bouers, om die skool op 'n gereelde basis met herstelwerk te help<br>Hoe kan die OLVG-komitee die gemeenskap betrek?<br>SBL, ouers, gemeenskapsleiers en -lede |



## Verslagleweringsprosedures

Verslae moet by OLVG voorgedra en goedgekeur word voor hulle na die volgende vlak versend word.

In die geval van die OLVG-skoolkomitee, moet elke verslag by die SBL ingedien word. Dit moet dan aan die OLVG-streekskomitee gestuur word.

Verslae moet die volgende insluit:


- ‘n Verslag deur elk van die wyke wat aandui wat hul met betrekking op advokaatskap in verband met die OLVG in die gemeenskap gedoen het.
- Verslag deur elk van die wyke oor bywoning en stiptheid by die skool.
- Verslag deur elk van die wyke oor hul nakoming van hul voornemens, m.a.w. die leerders (waar toepaslik), ouers, lede van die SBL, onderwysers, die hoof en gemeenskapslede.
- Verslag oor enige gemeenskapsmobilisasie:

Byvoorbeeld, sluit in die verslag ‘n program in waardeur die gemeenskap na ‘n vergadering uitgenooi word, waar onderrig-/kurrikulumstrategieë op die verbetering van die gehalte van onderrig en leer gerig is of waar uitslae aan alle betrokke partye verduidelik word. Daarna word vordering of die gebrek daaraan gemeld en gemonitor.

Vergaderings is ook belangrik vir terugvoer oor enige aksies wat geneem is, byvoorbeeld, of daar vordering op ‘n spesifieke saak gemaak is of nie. Die agenda, met die notule van die vorige vergadering, moet minstens ‘n week voor die volgende vergadering aan die lede van die SBL-komitee gesirkuleer word. Die SBL-komitee moet by die eerste vergadering ‘n skedule van datums vir vergaderings vir die jaar, saamstel. Die skedule kan dié van die skool se finansiële komitee en die SBL se vergaderingskedule volg aangesien die OLVG SBL-komitee voor die volgende SBL moet vergader sodat dit ‘n verslag kan voorberei.

Hieronder is ‘n voorbeeld van ‘n agenda wat saamgestel is sodat die vergadering al die kwessies kan dek en besluite kan maak oor die stappe wat geneem moet word.

Voorbeelde van ‘n agenda vir die skool se OLVG SBL-komiteevergaderings en ‘n voorbeeld van hoe ‘n verslag geskryf kan word, is beskikbaar in Bylaag A, bladsy 58, in hierdie handleiding.






# HOE OM ONS DOELWITTE TE BEREIK

## (4) ADVOKAATSKAP EN MOBILISERING VAN DIE GEMEENSKAP

*Hoe om ons deel in die ondersteuning van Gehalte Openbare Onderrig te doen*

## Mobilisering op Nasionale en Provinsiale Vlakke

> *“Prestasie in die onderwyssisteem is sentraal daaraan om die hoeveelheid vaardige mense te vermeerder vir ekonomiese groei en ontwikkeling en om te verseker dat die gemeenskap ons billikheidsreg en ontwikkelingdoelwitte kan haal” (Akkoord 2, 2011: 4).*

## Die Akkoord

Die Minister van Basiese Onderwys, Mev. Angie Motshega, Parlementslid, en senior leiers van arbeids-, gemeenskaps- en besigheidsorganisasies in NEDLAC het die NEDLAC-akkoord oor basiese onderwys en vennootskappe met skole op 02 Oktober 2011 in Butterworth, Oos-Kaap geloods.

Die Akkoord is in Julie 2011 deur leiers van georganiseerde arbeid (Cosatu, Fedusa en Nactu); BUSA; gemeenskapswyk; en die Minister van Basiese Onderwys namens die Regering geteken. Die Akkoord is daarop gerig om Suid-Afrikaners aan te vuur om alle skole (met die klem op swak-presterende skole) te ondersteun in die nastreef van gehalte basiese onderrig uitkomstes.

Die Departement van Basiese Onderwys en georganiseerde arbeid het saamgekom om hul toewyding aan gehalte onderwys te belowe by die onlangse ondertekening van die Akkoord op Basiese Onderwys. Dit is ‘n historiese oomblik vir onderwys. Dit merk die begin van ‘n nuwe era waar alle rolspelers in die onderwys, belanghebbendes en maatskaplike vennote hul organisasies daartoe verbind om die Onderrig- en Leerveldtog vir Gehalte in Suid-Afrika te ondersteun. Die hoofdoel van die Akkoord is om met skole wat geïdentifiseer is te werk sodat hulle, deur gerigte ondersteuning, die uitdagings wat hulle ondervind die hoof kan bied.

Alle ondertekenaars – georganiseerde arbeid, besigheids- en gemeenskapstrukture wat by NEDLAC teenwoordig was – het hul ondersteuning belowe aan Minister Angie Motshekga se toewyding om die gehalte van onderrig in openbare skole te verbeter.

Die Akkoord verryk die programme van die Onderrig- en Leer-veldtog vir Gehalte – ‘n ooreenkoms tussen ouers, opvoeders, arbeid, gemeenskappe en skoolbeheerrade wat mik om gehalte onderrig en leer vir almal te behaal, wat deur vele onderteken is.

Minister Motshekga het haar opwinding oor die inisiatief op Dinsdag, 20 September, in haar toespraak aan die ondertekenaars by Sol Plaatje House in Pretoria uitgespreek.

“Dit is ‘n baie opwindende program vir ons; ‘n besliste mylpaal en groot bron van hoop,” het die Minister gesê. “As ons met arbeid en ons skoolgemeenskappe saamwerk, kan ons die uitdagings wat onderwys in Suid-Afrika in die gesig staar aanpak.”

“Ek sien uit na dit wat hierdie Akkoord beteken en om dit te maak werk. Ons het dit as streek nodig,” het Minister Motshekga bygesê.

Die Minister het verder gesê dat, alhoewel Suid-Afrika groot sukses in sommige areas van die onderwyssisteem behaal het, ‘n groot hoeveelheid van ons leerders uit ‘n arm omgewing kom wat sy eie stel uitdagings het. Daar is geen twyfel dat die sisteem al meer redelik en pro-arm as in 1994 is nie, en toegang het beslis verbeter, maar gehalte en doeltreffendheid is steeds groot uitdagings.

“Ons sien ‘n styl toename in opskoppersyfers tussen Grade 10 en 12. Soms is dit die gevolg van armoede, maar dit is ook as gevolg van ondoeltreffendheid in die sisteem wat hierdie kinders forseer om die skool te verlaat,” sê die Minister.

Minister Motshekga het klem daarop gelê dat van die kwessies wat leerders raak, maatskaplike kwessies is en het voorgestel dat gemeenskappe OLVG-programme as instrument moet gebruik om hulself te bemagtig en om ‘n meer praktiese benadering moet gebruik om te verseker dat leerders in geronde volwassenes ontwikkel.

Die Akkoord oor basiese onderwys verbind alle ondertekenaars daaraan om saam te werk om onderwysers, leerders en ouers se instelling te verander, om dele van die basiese onderwyssisteem wat nie werk nie te herbou en om gehalte onderrig vir leerders te verseker, veral by skole wat swak presteer.

## Die Adopt-a-School-veldtog

‘n Sleutelverbintenis van die Akkoord sal verseker dat belanghebbers die Adopt-a-School-veldtog onderskryf. Dit behels die ontwikkeling van ‘n skool wat swak presteer en om gehele skoolontwikkelingsingrypings te implementeer wat goeie

bestuur, hoë onderrigstandaarde, dissipline en voldoende voorsiening van nodige hulpbronne bevorder.

Die Akkoord voorsien ‘n voorlopige teiken van tussen 100 en 200 skole wat in die eerste jaar in die Adopt-a-School-veldtog ingesluit sal word; hierdie syfer sal in daaropvolgende jare verhoog tot meer as 500 skole per jaar.

## Die Adopt-a-School-protokol

Die OLVG het ‘n protokol ontwikkel wat die verskeie rolle en verantwoordelikhede van elke rolspeler in die Adopt-a-School-veldtog uiteensit en sal die betrokkenheid van belanghebbers, amptenare, hoofde, onderwysers en die SBL rig in die proses daarvan om skole te ondersteun om gehalte onderrig en leer te verseker.

Die doel van hierdie protokol is om ‘n instrument te voorsien wat die implementasie van die NEDLAC-akkoord op basiese onderwys en vennootskap met skole moontlik sal maak. Die protokol sal die potensiële aannemers van riglyne verskaf om volgens prosedure met skole te skakel, soos uiteengesit in die Grondwet en nasionale en provinsiale wetgewing en beleide wat verwant is aan die bestuur van skole en skoolveiligheid (Wet op Suid-Afrikaanse Skole, 1996 (Wet 84 van 1996) Riglyne vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole)..

## Die doelwitte van die protokol om skole wat swak presteer aan te neem is soos volg:

- Om volhoubare verhoudings tussen skenkers, die streek, provinsiale departement, die skole en die gemeenskap te bou;
- Om leer- en onderrigtyd te beskerm en om ‘n kultuur van voortreflikheid te stimuleer;
- Om die omliggende gemeenskap in die ingrypings wat hul skole verbeter te betrek om sodoende die gemeenskap op te hef deur werkskepping en die ontwikkeling van vaardighede; en
- Om substantiewe langtermyn verbetering vir gehalte onderrig en leer te bewerkstellig.



Leerders en hul onderwyser by Tlhopane Laerskool, Noordwes Provinsie, wat ‘n skenking van tafels en stoele van die Sun City Resort-bestuur ontvang, Maart 2011

## Voorbeelde van wyses waarop die streeksforum die gemeenskap in die streek kan mobiliseer

| Fokusareas | Aktiwiteite | Doel |
|---|---|---|
| Moedig vaardigheidsontwikkeling en geleenthede om ‹n inkomste te maak op streeksvlak in gemeenskappe aan | Vergader gereeld met plaaslike besighede en plaaslike gemeenskapsontwikkelingwerkers van die Regering in verband met plaaslike gemeenskapsbehoeftes vir werkskepping en die ontwikkeling van vaardighede<br><br>Moedig skole aan om in vennootskap met plaaslike gemeenskappe groentetuine aan te plant<br><br>Ontwikkel advokaatskapveldtogte op plaaslike vlak vir programme vir vaardigheidsontwikkeling soos die Kha Ri Gude-massa geletterdheidsveldtog<br><br>Tree in gesprek met die plaaslike Regering in verband met die kwessie van gemeenskapsbiblioteke en gemeenskapsentrums<br><br>Streeksforum kan fondse insamel vir interskoolgeleenthede op streeksvlak<br><br>Moedig skole aan om ‹n databasis van oudleerlinge wat skoolprogramme kan steun te ontwikkel<br><br>Fasiliteer befondsing deur plaaslike besigheids- of skoolverbeteringsprojekte – byvoorbeeld, sportfasiliteite en – toerusting, musiekinstrumente, skoolvermooiingsprojekte en herwinprojekte | Om te help met die oordra van vaardighede aan die gemeenskap, wat geletterdheid, gesyferdheid en rekenaarvaardighede insluit, en van die waarde van lewenslange leer<br><br>Fasiliteer toegang tot inligting in die gemeenskap in verband met opleidingsgeleenthede en geleenthede om vaardighede te ontwikkel |
| Mobiliseer leerders om hulself aan gehalte leer te verbind | Streeksforum moet erkenning gee aan leerderprestasie<br><br>Streeksforum moet gasheer speel vir interskool akademiese geleenthede, wat leesmaratonne, redenaars en spelkompetisies insluit<br><br>Streeksforum moet kommunikasie en koöperasie tussen skole in die streek fasiliteer | Om ‘n kultuur van gehalte leer in te prent, asook ‘n verbintenis tot akademiese voortreflikheid en om alle leerders aan te moedig om verantwoordelikheid te neem vir hul akademiese prestasie |
| Mobiliseer leerders en onderwysers regdeur die streek om hul deel in die gemeenskap te doen | Ontwikkel interskoolkompetisies vir leerders en onderwysers om hul gemeenskapsbetrokkenheid en om hul toewyding aan die omgewing – byvoorbeeld, groentetuine en herwinprojekte – te vertoon | Skole is daaraan toegewy om ‘n verskil te maak |

## Voorbeelde van maniere waarop die skool se OLVG SBL-komitee ouers en die gemeenskap kan mobiliseer om gehalte onderrig en leer te ondersteun

Die sleutel vir die betrokkenheid van ouers en die gemeenskap in 'n skool se daaglikse werking is **kommunikasie**. Skole behoort aan die gemeenskap en dit is belangrik vir almal wat by die skool se aktiwiteite betrokke is of daardeur geraak word, om dit te voel.

Die OLVG-span moet dit oorweeg om gesprekke en interaksies met plaaslike kerke, tempels, moskeë en gemeenskapsgebaseerde organisasies te begin. Dit sal die skool help om hul leerders se agtergrond beter te verstaan en terselfdertyd sal dit ook die organisasies 'n sin van eienaarskap en verantwoordelikheid vir die skool gee.

Dit is belangrik dat die skool se OLVG SBL-*komitee die gemeenskapslede kan beïnvloed om hul deel in onderwys te doen. Die boodskap moet wees: Neem eienaarskap en raak betrokke by u plaaslike skool. Skole is die middelstukke van gemeenskappe en almal kan betrokke raak.*



Gemeenskapsvrywilligers in Mvezo, Oos-Kaap, wat Nkwenkwezi Laerskool op Mandela Dag, 2010, opknap

### Hoe kan die skool se OLVG-subkomitee gemeenskappe mobiliseer?

| Wat moet gedoen word? | Hoe kan dit gedoen word? | Wie kan betrek word? |
|---|---|---|
| Mobiliseer alle belanghebbers om te help om te verseker dat leerders, onderwysers en steunpersoneel betyds en gereeld by die skool is as deel van nakoming van ononderhandelbare | Gebruik skooldata vir laat opdaag en stel raadplegende vergaderings met die ouers en leerders wat geraak word, in<br>Gebruik die uitdagings wat geïdentifiseer is vir laat opdaag en afwesigheid om 'n ingrypingsplan te ontwikkel | Skoolbeheerliggaam<br>Onderwysunies<br>Leerderstrukture<br>Onderwysers<br>Rolmodelle in die gemeenskappe |

| Wat moet gedoen word? | Hoe kan dit gedoen word? | Wie kan betrek word? |
|---|---|---|
| Advokaatskap om misdaad, diefstal en inbrake by die skool te verminder en om hulpbronne te beskerm | Werk nou met die gemeenskapspolisiëringsforum en die Suid-Afrikaanse Polisiediens saam en ontwerp saam 'n plan van aksie<br>Skakel die skool met die plaaslike polisiestasie? | Geloofsgroepe, versorgers in die gemeenskap, die polisieforum, ouers en leerders |
| Maak gemeenskappe bewus om te verseker dat elke leerder toegang tot skool het en dit bywoon, veilig is en kwesbare leerders ondersteun sodat hulle nie opskop nie | Begin 'n Neem-'n-Leerder-Aan-program<br>Die rol van deelnemers sal wees:<br>Motiveer leerders om hul studies te voltooi;<br>-bespreek die leerder se bywoning en skoolwerk met hom/haar<br>-monitor sy/haar prestasie<br>-ondersteun hom/haar met skoolprojekte en huiswerk waar nodig<br>Begin vennootskappe om dienste te voorsien wat leerders vir die skoolomgewing en loopbaanontwikkeling sal voorberei | Ouers<br>Afgetrede onderwysers en ná-skoolse studente by universiteite of VOO-kolleges sowel as gegradueerdes<br>Lede van plaaslike Regering<br>Rolmodelle in die gemeenskap uit 'n verskeidenheid beroepe en ander loopbane wat vaardighede vereis<br>Skakel met universiteite en VOO-kolleges om u skool van inligting oor loopbane en ander skoolgeleenthede te verskaf<br>Versoek van die streekskantoor om met skole in die streek te skakel en 'n Loopbaandag te hou |
| Beroep die breër gemeenskap en burgerlike gemeenskap om te help met die persoonlike welstand van weeskinders en kinders wat aan die hoof van huishoudings staan, om sosiale samehang te ondersteun | Raadpleeg die skoolbestuur en skep 'n databasis van alle weeskinders en kinders wat aan die hoof van hul huishouding staan<br>-skep 'n databasis van leerders met gedragsprobleme,<br>-Voer huisbesoeke uit aan families waar 'n kind aan die hoof is en leerders met ernstige gedragsprobleem om die situasie te assesseer en skakel met die ouers, voogde en bure<br>(is daar nie 'n probleem met vertroulikheid hier nie?) | Gemeenskaps versorgers en gemeenskapson twikkelingamptenare, geloofs organisasies, tradisionele leiers, senior leerders, maatskaplike werkers/beraders Dokters<br>Verpleegsters<br>Bure<br>Ander tersaaklike staatsdepartemente |
| Bevorder die belangrikheid van gehalte onderrig- en leeraktiwiteite | Om 'n verhoging te fasiliteer in die hoeveelheid leerders wat in wetenskap, wiskunde en rekeningkunde belangstel en goed presteer deur om "belangstellingsklubs" soos wiskunde klubs te skep | Afgetrede beroepsmense<br>Kollege- en universiteitstudente<br>Lede van geloofsorganisasies, lede van die gemeenskap en senior leerders |
| Skep 'n kultuur van sport- en kultuuraktiwiteite om gehalte onderrig en leer te ondersteun | Verseker dat daar 'n rooster vir buitemuurse aktiwiteite is, wat 'n verskeidenheid sportsoorte en kulturele aktiwiteite insluit Klubs kan skaakklubs, dansklubs ens. insluit | Onderwysers<br>Vrywilligers uit die gemeenskap |

| Wat moet gedoen word? | Hoe kan dit gedoen word? | Wie kan betrek word? |
|---|---|---|
| Mobilisering vir opvoedkundige ondersteuning en vrywilligersdiens in skoolaktiwiteite | Begin raadplegende vergaderings om bevorderlike en gesonde omstandighede vir onderrig en leer te skep<br>Fondsinsameling vir skoolvoedingskemas of skoolbiblioteke om rehabilitasie, berading en ondersteuning van leerders met gedragsprobleme te fasiliteer<br>Skep groentetuine op die skoolgronde<br>Skep 'n vrywillige projek vir herstelwerk, verf en skoonmaak van die skoolterrein<br>Onderhoud van infrastruktuur en speelgronde | Gemeenskapslandbouforums<br>Plaaslike Regering<br>Gemeenskapslede<br>Lede van geloofsorganisasies<br>Beraders<br>Besigheidsgemeenskap<br>Tradisionele leiers |

## Wat kan ouers doen om gehalte leer te behaal

- Meld afwesigheid onder leerders en onderwysers;
- Doen jou deel om skoolveiligheid te verseker;
- Bevorder die veiligheid van die skool, die skoolterrein en die veiligheid van leerders en onderwysers. Indien jy enige iets ongewoon by skole raaksien, meld dit aan die tersaaklike owerhede;
- Maak seker dat skooleiendom aan die skool terugversorg word;
- Staan jou tyd vrywillig af om tafels of stoele reg te maak, of bied u vrywillige hulp aan vir basiese onderhoud;
- Staan jou tyd vrywillig af om te help om die skooltuin te skep of te onderhou;
- Skep veilige, beveiligde leerspasies in die gemeenskap – skep huiswerk-, lees- en leerklubs wat onder toesig vergader;
- Meld enige tekens van kindermishandeling of -verwaarlosing in die gemeenskap of kinders wat aan die hoof van huishoudings staan aan sodat hulle gehelp kan word;
- Bied u hulp vrywillig aan onderwysers om te luister na leerders wat in die klas lees; en
- Gemeenskapslede kan uitstekende inligtingsbronne oor 'n verskeidenheid onderwerpe wees vir leerders. Plaaslike kenners kan klasse toespreek of besoeke aan plaaslike besighede reël in verband met dit wat huidig geleer word

## Hoe kan die skool die gemeenskap ondersteun?

Dit is ook baie belangrik dat dit raakgesien word wanneer die skoolgemeenskap aan die gemeenskap teruggee. Indien die hoof, onderwysers en leerders ervaar word as vrywillig om gemeenskapspogings te loods of ondersteun, sal gemeenskapslede meer motivering hê om die skool te ondersteun en betrokke te raak in ondersteuningspogings.

**Die skool se OLVG SBL-komitee kan van die volgende oorweeg**

- Loods 'n gemeenskapstuinprojek by die skool waaraan leerders ook kan deelneem om vaardighede aan die gemeenskap oor te dra en om kos en inkomste vir werklose mense te skep.
- Mobiliseer leerders van 'n geskikte ouderdom om te help met die versorging van bejaarde gemeenskapslede – byvoorbeeld, 'n Neem-'n-Ouma/Oupa-Aan-program wat jongmense aanmoedig om 'n bejaarde te help deur om gereeld hul huis skoon te maak, hul inkopies te doen of om vir hulle te lees.
- Mobiliseer leerders en onderwysers om deel te neem aan gemeenskapsopruiming, boomplanting ens. sodat die gemeenskap kan sien dat die skool daaraan toegewyd is om 'n verskil te maak.
- Moedig gemeenskapslede aan om te leer lees en skryf deur die Kha Ri Gude-program. Kontak die Kha Ri Gude-koördineerder in jou area en bied die skoolterrein nauurs as leersentrum aan.
- Indien jou skool rekenaartoerusting het, reël rekenaaropleiding vir gemeenskapslede.

- Skep ‘n databasis van die skool se oudleerlinge. Moedig hulle aan om in die skool belang te stel deur, byvoorbeeld, mentorskap van individuele leerders of die aanneem van arm leerders.
- Werk met die gemeenskapsbiblioteek saam. Moedig geskikte leerders aan om hul tyd aan te bied om leesgroepe of studiegroepe by die biblioteek te behartig.
- Nooi gemeenskapslede na skoolgeleenthede, wat sportgeleenthede, skooluitstallings en -optredes insluit



**Strategieë om ouers te mobiliseer om gehalte onderrig en leer te ondersteun**

Baie van ons ouers voel nie gemaklik by hulle kinders se skool nie en voel dikwels onwelkom as gevolg van hoofde en onderwysers se optrede. Ouers voel dikwels magteloos en hulpeloos in verband met hul kinders se onderrig en voel gevolglik dat hulle niks kan bydra nie of nie kan poog om by die skoollewe aan te sluit nie.

**Ouers en versorgers se betrokkenheid in hul kinders se onderrig**

Een van die belangrikste maniere waarop 'n kultuur van onderrig en leer in die gemeenskap kan bevorder en versterk word is om ouers en versorgers te oortuig dat hulle 'n baie belangrike rol moet speel in hul eie kinders, en ander, se onderrig.

Die skool se OLVG SBL-komitee moet ouerdeelname bevorder en verseker



Limpopo provinsiale OLVG-loodsgeleentheid, Mei 2011

# HOE OM ONS DOELWITTE TE BEREIK

## (5) PAMFLETTE VIR OUERS

*Hoe om ons deel in die ondersteuning van gehalte openbare onderrig te doen*

## FET SUBJECTS (GRADES 10-12)

| | | |
|---|---|---|
| **Compulsory**<br>• One Official Language at the Home Language Level | • One official language at the First Additional Language level | • Life Orientation<br>• Mathematics or Maths Literacy |
| **Optional**<br>• Agricultural Management Practices<br>• Agricultural Sciences<br>• Agricultural Technology<br>• Dance Studies<br>• Design<br>• Dramatic Arts<br>• Music<br>• Visual Arts<br>• Accounting<br>• Business Studies<br>• Economics<br>• Arabic Second Additional Language<br>• French Second Additional Language<br>• German Home Language<br>• German Second<br>• Additional Language<br>• Gujarati Home Language<br>• Gujarati First Additional Language<br>• Gujarati Second Additional Language | • Hebrew Second Additional Language<br>• Hindi Home Language<br>• Hindi First Additional Language<br>• Hindi Second Additional Language<br>• Italian Second Additional Language11 Curriculum News<br>• Latin Second Additional Language<br>• Portuguese Home Language<br>• Portuguese First Additional Language<br>• Portuguese Second Additional Language<br>• Spanish Second Additional Language<br>• Tamil Home Language<br>• Tamil First Additional Language<br>• Tamil Second Additional Language<br>• Telegu Home Language | • Telegu First Additional Language<br>• Telegu Second Additional Language<br>• Urdu Home Language<br>• Urdu First Additional Language<br>• Urdu Second Additional Language<br>• Civil Technology<br>• Electrical Technology<br>• Mechanical Technology<br>• Engineering Graphics and Design<br>• Geography<br>• History<br>• Religion Studies<br>• Computer Applications Technology<br>• Information Technology<br>• Life Sciences<br>• Physical Sciences<br>• Consumer Studies<br>• Hospitality Studies<br>• Tourism |

## What is my role as a parent?

- Parents are encouraged to discuss the various options with their child to ensure the appropriate subject choices are made.
- Parents can help their children collect information on a variety of careers and the necessary subjects and NSC grade 12 passes that they will require.
- This is a very important decision that will have an effect on the learners' future, especially their career options.
- Parents can assist their children to make subject choices depending on what the child is interested in doing or the kind of career the child may be considering.
- Almost all types of employment require some kind of training. Further education and Training Colleges and Universities require learners to have particular combinations of subjects in order to study further.
- It is particularly important that learners find out if they need mathematics or mathematics literacy to study further.
- Parents could approach the School Governing Body to request the school to collect information on further study options and careers from the District, Province or FET Colleges and /or universities.

ensuring quality learning and teaching for all

*Tips for parents*

# Understanding the Curriculum

*Read this*

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

## What is a curriculum?

A curriculum sets out what teachers much teach and what learners must learn, and decides on what is to be assessed. In other words, the curriculum sets out the knowledge/content of a specific subject and what sort of assessment or testing should be used to measure whether learners understand the content and are able to put the content into practice through a variety of activities. It also sometimes highlights the kind of skills and values that learners should develop.

Every country in the world has a national curriculum that tries to set out for everyone involved in education what kind of knowledge, skills and values that children should have when they have completed their schooling. Each country's national curriculum is shaped by the needs and beliefs of that particular society.

## What is the South African National Curriculum Statement?

The National Curriculum Statement (NCS) is the broad, formal curriculum programme that must be followed for each grade from Grade R to Grade 12. The NSC indicates the number of subjects offered in each grade, the content and skills to be taught and learnt and how these should be assessed. The NCS also outlines the promotion requirements for each subject, in each grade.

**The Curriculum Assessment Policy Statement**, (CAPS), is a component of the NSC. These documents have been introduced by the Minister of Basic Education in order to guide teaching and learning in every class in every public school in South Africa.

The CAPS outline what is taught and learnt in every subject, for every grade from Grade R-12. The CAPS documents for each subject also guide teachers on how to assess that particular subject at different stages of the term and year.

The preparation of the CAPS documents includes changes to 76 subjects at different levels and versioning/translating into all our official languages.

## How can parents get access to the CAPS documents?

In order to understand what your children are being taught and must learn in each Grade, you can get the CAPS documents on the Department of Basic Education website: www.education.gov.za

Or you may request the principal and the subject teachers to explain each CAPS to you and other interested parents.

## When will the curriculum changes be introduced?

In 2012, CAPS will be introduced to the Foundation Phase (Grades R-3) and Grade 10. CAPS will be introduced to the Intermediate Phase (Grades 4-6) and Grade 11 in 2013 and to the Senior Phase (grades 7-9) and the FET Phase (grade12) in 2014.

## What subjects will my child be doing as part of the NSC?

### FOUNDATION PHASE, GRADES R – 3 (from 2012)

- Official Languages at Home Language level
- Official Languages at First Additional Language level
- Mathematics
- Life Skills

*Note: The First additional Language will be introduced from Grade 1 in 2012 to strengthen learners' English language skills.*

### INTERMEDIATE PHASE, GRADES 4 – 6 (from 2013)

- Official Languages at Home Language level
- Official Languages at First Additional Language level
- Mathematics
- Natural Sciences and Technology
- Social Sciences
- Life Skills

*Note: From 2013, learners will do the six subjects instead of eight to allow time for teachers and learners to strengthen learners' language and mathematics skills.*

### SENIOR PHASE (GRADES 7 – 9) from 2014

- Official Languages at Home Language Level
- Official Languages at First Additional Language level
- Mathematics
- Natural Sciences
- Technology
- Social Sciences
- Life Orientation
- Arts and Culture
- Economic Management Sciences

### SUBJECT CHOICE FOR GRADE 10 – 12 AND FUTURE CAREERS

In order to obtain the National Senior Certificate Grade 12, learners must have **SEVEN subjects – some compulsory and others ones that they choose**

At the end of Grade 9, learners must make subject choices. Learners will have to select four compulsory subjects –

- One Official Language at the Home Language Level;
- one official language at the First Additional Language level;
- Mathematics or Maths Literacy and
- Life Orientation

*Learners must also choose three optional subjects to study. Of these a maximum of two additional languages may be selected.*

## Hoe kan ouers hul kinders help om vir volgende jaar se Nasionale Assesseringstoets voor te berei

Die belangrikste om te onthou is dat die Jaarlikse Nasionale Assesseringstoetse nie progressie of bevordering na die volgende graad ten doel het nie, en daarom nie aan die einde van die jaar afgelê word nie. Die assesseringstoetse is bedoel om u kind se onderwyser die beste wyse te help vind om kinders se prestasie te verbeter.

Dit is baie belangrik dat ouers by hul kinders se onderwys betrokke raak.

Hier is 'n paar maniere waarop u kan help om u kind 'n voorsprong op skool te gee:

- U behoort u kind aan te moedig, ongeag wat die uitslae van die assesseringstoetse is. As leerders probleme het, sal die Jaarlikse Nasionale Assesseringstoetse die onderwysers help om die beste metode te vind om hulle te help.
- Lees so veel moontlik saam met u kind om vir u kind te wys dat lees pret is.
- Deel familiestories met u kind en moedig u kind aan om stories oor sy of haar dag met u te deel.
- Gebruik u kind se werkboek om vir u kind vorms, aftrek en tel te laat oefen.
- Praat met u kind oor die dag se gebeure. Moedig u kind aan om oor sy of haar belangstellings, vriende, gunsteling boeke en televisieprogramme te praat.
- Raak betrokke by u kind se huiswerk. U sal dan begryp wat u kind op skool doen en dit sal u kind aanmoedig.
- Vra u kind om gereeld sy of haar letter- en syferwerkboeke vir u te wys. Skole moet kinders toelaat om gereeld hierdie werkboeke huis toe te neem. U kan u kind oor spesifieke werk wat hy of sy in die werkboeke gedoen het, uitvra, of vra dat hy of sy stories en prentjies in die werkboeke vir u moet verduidelik.

**Oproepsentrum: 0800 202 933**

**Webtuiste: www.education.gov.za**



ensuring quality learning and teaching for all

*Ouergids*

# Jaarlikse Nasionale Assessering

## Annual National Assessments (ANA)

***Lees hier***

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Vanaf 2011 sal die Departement vir Basiese Onderwys in Februarie elke jaar vir alle leerders in graad 1 tot 6 en graad 9 toetse vir letter- en syfervaardighede opstel. Hierdie toetse staan as Jaarlikse Nasionale Assessering of ANA (Annual National Assessment) bekend en sal op die vaardighede wat leerders in die vorige graad bemeester het, gebaseer wees.



In Februarie 2011 het alle leerders wat in 2010 in graad 1 tot graad 6 openbare skole bygewoon het, vir die eerste keer in die Suid-Afrikaanse geskiedenis die Jaarlikse Nasionale Assesseringstoetse (ANA) geskryf. Byna 6 miljoen leerders oor die hele land het hierdie toetse afgelê.

As u kind byvoorbeeld in 2011 in graad 3 is, sou u kind hierdie Jaarlikse Nasionale Assesseringstoets afgelê het om vas te stel of hy of sy die nodige vaardighede in 2010 in graad 2 bemeester het.

## Waarom stel die Departement hierdie toetse op?

Die Minister van Basiese Onderwys, mev. Angie Motshekga, en die regering is gedetermineerd om ons kinders se letter- en syfervaardigheidsvlak te verbeter, en die minister het bepaalde doelwitte vir die verbetering daarvan gestel wat teen 2014 bereik moet wees.

## Waarvoor sal die Jaarlikse Nasionale Assesseringstoetse gebruik word?

Die Jaarlikse Nasionale Assesseringstoetse sal nie vir progressie of bevordering na ‘n volgende graad gebruik word nie. Dit is eerder ‘n instrument waardeur onderwysers kan vasstel of elke leerder die letter- en syfervaardighede wat vir ‘n sekere graad vereis word, bemeester het, en of die leerder addisionele hulp nodig het of nie.

Onderwysers sal die uitslag van die Jaarlikse Nasionale Assesseringstoetse gebruik om hul lesse te beplan en aan te dui in watter leerareas sekere leerders, of die hele klas, addisionele hulp nodig het.

Voorts kan die Jaarlikse Nasionale Assesseringstoetse die Departement help om vas te stel watter skole hulp nodig het as hul Jaarlikse Nasionale Assesseringstoetsuitslae onbevredigend in die hele skool, of in ‘n bepaalde klas was. Omdat die hele land se Jaarlikse Nasionale Assesseringstoetsuitslae Departement toe gestuur word, is dit vir die Departement moontlik om dit vas te stel.

## Wie stel die Jaarlikse Nasionale Assesseringstoetse op?

Elke assesseringstoets word deur die Departement vir Basiese Onderwys in Pretoria opgestel om te verseker dat al die kinders in elke graad regoor die land dieselfde toets skryf.

## Hoe word die Jaarlikse Nasionale Assesseringstoetse nagesien?

Die toesighouding en nasien van die Jaarlikse Nasionale Assesseringstoetse word deur onderwysers hanteer, waarna die nagesiende toetse dan deur die Distrikte gemodereer word. Op nasionale vlak kontroleer die Departement vir Basiese Onderwys ook leerders se antwoordstelle (beperk tot graad 3 en 6) om vas te stel of die nasienproses regdeur die distrikte en provinsies konsekwent uitgevoer is.

## Sal ouers in kennis gestel word van die uitslae van die assesseringstoetse?

Ouers behoort reeds die uitslae van die assesseringstoetse vir 2011 te hê. Ouers sal jaarliks die uitslae van hierdie toetse by die skool ontvang. Indien u nog nie u kind se assesseringsuitslae vir 2011 ontvang het nie, moet u u kind se onderwyser of die skoolhoof so spoedig moontlik kontak.

Indien u enige navrae oor u kind se uitslae het, moet u ‘n afspraak met u kind se onderwyser, of met die skoolhoof reël om u kind se prestasie te bespreek. Hulle behoort u in te lig hoe hulle u kind gaan help om sy of haar uitslae te verbeter.

## Waarom vind die Jaarlikse Nasionale Assessering aan die begin van die jaar en nie aan die einde nie, plaas?


Dit is belangrik dat u begryp dat die Jaarlikse Nasionale Assessering nie bedoel is om vas ste stel of ‘n kind ‘n graad slaag of druip nie. Dit is nie eindjaartoetse of –eksamens nie. Dit stel eerder u kind se nuwe onderwyser in staat om vas te stel in hoe ‘n mate u kind in sekere vrae kan presteer, en of u kind die nodige vaardighede bemeester het wat nodig is om goed in die graad te presteer.

U behoort u nie te bekommer dat u kind dalk sekere dinge van die vorige jaar vergeet het nie. Die assesseringstoetse toets of u kind sekere take kan uitvoer.

Die eerste gedeelte van die syfer- en letterwerkboeke wat u kind elke jaar ontvang, begin met ‘n afdeling wat die werk hersien wat u kind die vorige jaar gedoen het.

Vir verdere inligting kan u met die naaste kantoor van die Departement vir Basiese Onderwys in verbinding tree, of die Departement vir Basiese Onderwys se tolvrye nommer skakel

**0800 20 29 33**




ensuring quality learning and teaching for all

### Wenke vir ouers

# Registreer u kind vir *graad R*

### *Lees hier*

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# Het u u kind vir graad R geregistreer?

**Graad R is baie belangrik vir u kind om die basiese vaardighede vir suksesvolle toekomstige leer te ontwikkel.**

## Hoe oud moet my kind wees om graad R toe te gaan?

Kinders moet teen 30 Junie 5 jaar oud wees om vir graad R geregistreer te word, en teen 30 Junie 6 jaar wees om vir graad 1 geregistreer te word.

## Voor watter datum moet ek my kind vir graad R registreer?

Die sluitingsdatum vir registrasie in openbare laerskole in 30 September elke jaar.

## Waar moet ek my kind vir graad R registreer?

Die skool naaste aan u woonplek.

## Watter dokumente moet ek saamneem wanneer ek my kind registreer?

- Geboorteserifikaat
- Kliniekkaart
- Bewys van u woonadres
- Verslagkaart van vorige instansie (indien van toepassing)
- Bewys van voogskap (indien van toepassing)




## Gereedmaking vir skool

**Wenke vir ouers om kinders vir skool voor te berei:**

Moedig u kind aan om:

- hom- of haarself aan te trek, insluitend om skoene aan te trek.
- kosblikke oop en toe te maak.
- self toilet toe te gaan
- sy of haar hande voor ete en nadat die toilet besoek is, te was.
- met ander kinders te speel.
- 'n roetine te volg, byvoorbeeld om op 'n sekere tyd te gaan slaap en op vasgestelde tye te eet.
- besluite te neem, byvoorbeeld wat om aan te trek en te doen
- met hul nuwe omgewing vertroud te raak – besoek die skool en wys vir u kind die skoolterrein en omgewing.

## Voorbereiding deur spel

- Moedig u kind aan om sy of haar verskillende liggaamsdele te benoem, byvoorbeeld kop, arm, been, bors, nek, ensovoorts.
- Help u kind om sy of haar naam, u naam en u woonadres te oefen.
- Laat u kind u met huishoudelike takies help, byvoorbeeld met die voorbereiding van voedsel of die was van wasgoed. Laat hulle vir u verduidelik watter aktiwiteite voor watter plaasvind.
- Moedig u kind aan om verskillende kleure, of objekte binne en buite die huis te identifiseer.
- Laat u kind dieselfde kleur objekte groepeer, byvoorbeeld plante, blomme, ensovoorts.
- Moedig u kind aan om tuis verskillende vorms te identifiseer, byvoorbeeld sirkels, vierkante, driehoeke.
- Laat u kind verskillende grootte objekte vergelyk en vir u sê wat groter en wat kleiner is.
- Laat u kind verskillende hoeveelhede dinge vergelyk en vir u sê wat die meeste en wat die minste is.
- Gebruik verskillende grootte houers en moedig u kind aan om met sand of water vas te stel watter houers die grootste en watter die kleinste is.
- Sing liedjies of rympies saam en moedig u kind aan om op maat van die ritme hande te klap.
- Vertel vir u kind stories en betrek hom of haar met vrae soos: "Wat dink jy het toe gebeur?"
- Moedig u kind aan om kryt of inkleurpotlode te gebruik en vorms te teken of in te kleur.

## IN DIE OMGEWING

- Vra u kind om tydens wandelinge op die uitkyk te wees vir tekens of objekte wat met 'n sekere letter begin. Nadat vyf objekte opgespoor is, word die letter verander.
- Vra u kind om objekte van dieselfde kleur, vorm of grootte buitenshuis te vind en saam te groepeer.
- Betrek u kind wanneer u 'n inkopielys saamstel en motiveer hom of haar om die artikels tydens u inkopies op die lys af te merk as u dit in die mandjie of trollie plaas.
- Praat met u kind oor die dag se gebeure. Moedig u kind aan om oor sy of haar belangstellings, vriende, en gunsteling boeke en televisieprogramme te praat.
- Speel "Ek sien met my kleine ogies iets wat met 'n 't' (of enige ander letter) begin" en vra u kind om te raai watter objek dit is. Speel dit met verskillende klanke.
- Moedig u kind aan om by die biblioteek aan te sluit en vergesel hom of haar daarheen. Dit is 'n aktiwiteit waaraan die hele gesin kan deelneem.

## GRONDSLAGFASE-KONTROLELYS

**Op hierdie stadium behoort u kind in staat te wees om die volgende te doen:**

- Eenvoudige sinnetjies te skryf.
- Na opdragte te luister en dit uit te voer.
- Enkelsyfers byvoorbeeld 5 en 8, en dubbelsyfers byvoorbeeld 11 en 24 op te tel en af te trek.
- In veelvoude van 2, 5 en 10 te tel (byvoorbeeld 2 maal 3 is 6, of 5 maal 4 is 20).
- Patrone te herken (byvoorbeeld kleure, vorms of materiale).
- Hardop en onafhanklik te lees.
- Sy of haar eie geskrewe werk te lees.






ensuring quality learning and teaching for all

## Wenke vir ouers

# Is u kind in gr. 4 – 6?

**Lees hier**

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

## Hoe kan u u kind help om sy of haar syfervaardighede te verbeter?

**U kind se syferwerkboek sal vir u 'n groot hulp wees om te sien wat hulle leer. Moedig u kind aan om vir u te wys wat hulle elke dag in die klas doen.**

### IN DIE HUIS

- Gebruik u kind se werkboek om hom of haar aan te moedig om tel, aftrek en vorms te oefen.
- Wanneer die tafel gedek word, laat u kind hardop die aantal messe, vurke en borde tel.
- Laat u kind u help kook – gebruik koppies om meelblom of water af te meet, of tel die aantal groentesoorte.
- Moedig u kind aan om die wasgoed te help sorteer – plaas kledingstukke van dieselfde kleur saam en plaas artikels in pare; dit sal u kind help met sortering en telvaardighede.
- Gebruik vuurhoutjies, stokkies of botteldoppies om op te tel, af te trek en vorms te maak.
- Praat oor tyd. Moedig u kind aan om die dae en weke te probeer tel, byvoorbeeld: op Maandag is dit nog vier slapies totdat dit Vrydag is.
- Met badtyd tel u kind se vingers en tone hardop terwyl u hulle was en afdroog.
- Teken kolletjies op 'n bladsy en vra u kind om die kolletjies te verbind; vorm verskillende vorms, byvoorbeeld driehoeke, vierkante en sirkels.
- Moedig u kind aan om uit te werk watter artikels in die huis is groter en kleiner, en wat is minder of meer.
- Maak 'n pak kaarte met nommers of kolle op sodat u kind optel en aftrek kan oefen.

### IN DIE OMGEWING

- Moedig u kind aan om in die supermark die hoeveelheid items in u mandjie te tel.
- Laat u kind items in die supermark uitkies deur pryse, gewig en groottes te vergelyk, byvoorbeeld die kleinste, ligste pakkie meelblom.
- Moedig u kind tydens 'n wandeling aan om afstand te meet deur die hoeveelheid treë te tel wat hy of sy gee.
- As u van openbare vervoer gebruik maak, betrek u kind om die tarief uit te tel – dit sal u kind se telvaardighede bevorder.
- Speel syferspeletjies met u kind tydens 'n rit of 'n wandeling. Die eerste een wat byvoorbeeld 'n syfer 5 sien en dit uitskree, is die wenner.
- Touspringspeletjies sal u kind motiveer om te tel.



## Hoe kan u u kind help om sy of haar lettervaardighede te verbeter?

**U kind se letterwerkboek sal vir u van groot hulp wees om te sien wat u kind in die skool leer. Moedig u kind aan om gereeld vir u te wys wat hulle elke dag in die klas doen. Praat oor die stories wat hulle gelees het.**

### IN DIE HUIS

- Lees so veel moontlik saam met u kind om vir u kind te wys dat lees pret is.
- Deel familiestories met u kind en moedig u kind aan om stories oor sy of haar dag met u te deel.
- Vra grootouers of ouer lede van die gemeenskap om stories vir die kinders te vertel en vra vir die kinders vrae soos: "Wat dink julle het toe gebeur?"
- Plaas etikette op alles in die huis, byvoorbeeld stoele, tafels, ens. en moedig u kind aan om die etikette hardop te lees.



- Klank die etikette hardop. Sê woorde in dele sodat u kind kan hoor hoe woorde saamgestel is, byvoorbeeld: ven-ster, s-o-n.
- Oefen die klank van taal. Leer vi u kind rympies, kort gediggies en liedjies, en gebruik huishoudelike artikels soos blikke of potte vir ritme.
- Gebruik 'n foto of 'n prentjie en laat u kind vir u vertel wat in die prentjie is en laat die kind vir u 'n storie opmaak oor dit wat hy of sy sien.
- Oorweeg tyd waarin die gesin saam lees deur 15 minute per dag opsy te sit vir hierdie aktiwiteit.
- Gebruik koerante en tydskrifte en help u kind om 'n storieboek te maak en die storie vir u te vertel.
- Kry koerantadvertensies of pamflette by supermarkte en laat u kind al die artikels groepeer wat bymekaar hoort, byvoorbeeld kombuisartikels, badkamerprodukte.
- Sluit saam met u kind by die plaaslike biblioteek aan en neem gereeld boeke uit. Vind uit of daar storietyd vir kinders is en neem u kind daarheen.



## IN DIE OMGEWING

- Vra u kind om tydens wandelinge op die uitkyk te wees vir tekens of objekte wat met 'n sekere letter begin. Nadat vyf objekte opgespoor is, word die letter verander.
- Vra u kind om objekte van dieselfde kleur, vorm of grootte buitenshuis te vind en saam te groepeer.
- Betrek u kind wanneer u 'n inkopielys saamstel en motiveer hom of haar om die artikels tydens u inkopies op die lys af te merk as u dit in die mandjie of trollie plaas.
- Praat met u kind oor die dag se gebeure. Moedig u kind aan om oor sy of haar belangstellings, vriende, en gunsteling boeke en televisieprogramme te praat.
- Speel "Ek sien met my kleine ogies iets wat met 'n 't' (of enige ander letter) begin" en vra u kind om te raai watter objek dit is. Speel dit met verskillende klanke.
- Moedig u kind aan om by die biblioteek aan te sluit en vergesel hom of haar daarheen. Dit is 'n aktiwiteit waaraan die hele gesin kan deelneem.

## GRONDSLAGFASE-KONTROLELYS

**Op hierdie stadium behoort u kind in staat te wees om die volgende te doen:**

- Eenvoudige sinnetjies te skryf.
- Na opdragte te luister en dit uit te voer.
- Enkelsyfers byvoorbeeld 5 en 8, en dubbelsyfers byvoorbeeld 11 en 24 op te tel en af te trek.
- In veelvoude van 2, 5 en 10 te tel (byvoorbeeld 2 maal 3 is 6, of 5 maal 4 is 20).
- Patrone te herken (byvoorbeeld kleure, vorms of materiale).
- Hardop en onafhanklik te lees.
- Sy of haar eie geskrewe werk te lees.





*Wenke vir ouers*

# Is u kind in *gr R – 3?*

*Lees hier*

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

## Hoe kan u u kind help om sy of haar syfervaardighede te verbeter?

**U kind se syferwerkboek sal vir u 'n groot hulp wees om te sien wat hulle leer. Moedig u kind aan om vir u te wys wat hulle elke dag in die klas doen.**

### IN DIE HUIS

- Gebruik u kind se werkboek om hom of haar aan te moedig om tel, aftrek en vorms te oefen.
- Wanneer die tafel gedek word, laat u kind hardop die aantal messe, vurke en borde tel.
- Laat u kind u help kook – gebruik koppies om meelblom of water af te meet, of tel die aantal groentesoorte.
- Moedig u kind aan om die wasgoed te help sorteer – plaas kledingstukke van dieselfde kleur saam en plaas artikels in pare; dit sal u kind help met sortering en telvaardighede.
- Gebruik vuurhoutjies, stokkies of botteldoppies om op te tel, af te trek en vorms te maak.
- Praat oor tyd. Moedig u kind aan om die dae en weke te probeer tel, byvoorbeeld: op Maandag is dit nog vier slapies totdat dit Vrydag is.
- Met badtyd tel u kind se vingers en tone hardop terwyl u hulle was en afdroog.
- Teken kolletjies op 'n bladsy en vra u kind om die kolletjies te verbind; vorm verskillende vorms, byvoorbeeld driehoeke, vierkante en sirkels.
- Moedig u kind aan om uit te werk watter artikels in die huis is groter en kleiner, en wat is minder of meer.
- Maak 'n pak kaarte met nommers of kolle op sodat u kind optel en aftrek kan oefen.



### IN DIE OMGEWING


- Moedig u kind aan om in die supermark die hoeveelheid items in u mandjie te tel.
- Laat u kind items in die supermark uitkies deur pryse, gewig en groottes te vergelyk, byvoorbeeld die kleinste, ligste pakkie meelblom.
- Moedig u kind tydens 'n wandeling aan om afstand te meet deur die hoeveelheid tree te tel wat hy of sy gee.
- As u van openbare vervoer gebruik maak, betrek u kind om die tarief uit te tel – dit sal u kind se telvaardighede bevorder.
- Speel syferspeletjies met u kind tydens 'n rit of 'n wandeling. Die eerste een wat byvoorbeeld 'n syfer 5 sien en dit uitskree, is die wenner.
- Touspringspeletjies sal u kind motiveer om te tel.

## Hoe kan u u kind help om sy of haar lettervaardighede te verbeter?


**U kind se letterwerkboek sal vir u van groot hulp wees om te sien wat u kind in die skool leer. Moedig u kind aan om gereeld vir u te wys wat hulle elke dag in die klas doen. Praat oor die stories wat hulle gelees het.**

### IN DIE HUIS

- Lees so veel moontlik saam met u kind om vir u kind te wys dat lees pret is.
- Deel familiestories met u kind en moedig u kind aan om stories oor sy of haar dag met u te deel.
- Vra grootouers of ouer lede van die gemeenskap om stories vir die kinders te vertel en vra vir die kinders vrae soos: "Wat dink julle het toe gebeur?"
- Plaas etikette op alles in die huis, byvoorbeeld stoele, tafels, ens. en moedig u kind aan om die etikette hardop te lees.



- Klank die etikette hardop. Sê woorde in dele sodat u kind kan hoor hoe woorde saamgestel is, byvoorbeeld: ven-ster, s-o-n.
- Oefen die klank van taal. Leer vir u kind rympies, kort gediggies en liedjies, en gebruik huishoudelike artikels soos blikke of potte vir ritme.
- Oorweeg tyd waarin die gesin saam lees deur 15 minute per dag opsy te sit vir hierdie aktiwiteit.
- Gebruik koerante en tydskrifte en help u kind om 'n storieboek te maak en die storie vir u te vertel.
- Kry koerantadvertensies of pamflette by supermarkte en laat u kind al die artikels groepeer wat bymekaar hoort, byvoorbeeld kombuisartikels, badkamerprodukte.
- Sluit saam met u kind by die plaaslike biblioteek aan en neem gereeld boeke uit. Vind uit of daar storietyd vir kinders is en neem u kind daarheen.



## Hoe kan ons die werkboeke by die huis gebruik?

U moet u kind aanmoedig om vir u sy of haar werk in die werkboek gereeld aan u te wys sodat u kan sien wat sy of hy by die skool doen.

U kan ook u kind vra om die oefeninge wat hy of sy by die skool gedoen het te verduidelik of hom of haar vra om die stories vir jou te lees en te verduidelik wat in die prentjies gebeur.

## Wat kan ek doen as ek oor my kind se vordering bekommerd is?

Dit is belangrik dat u in u kind se opvoeding betrokke is. As u om enige rede oor u kind se vordering bekommerd is, behoort u 'n afspraak met die onderwyser of die skoolhoof te maak om u kommer te bespreek.

## Kan ek meer kopieë van die werkboeke kry?

Ja. Al die werkboeke is op die Departement se webtuiste

beskikbaar en kan gratis afgelaai en gedruk word.

## Werkboekfeite



***Wenke vir ouers***

# Werkboeke

***Lees hier***

basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## Minister se boodskap

Die Minister van Basiese Onderwys, mev. Angie Motshekga, is gedetermineerd om ons kinders se geletterdheids- en syfervaardigheidsvlak te verbeter en het bepaalde doelwitte vir die verbetering daarvan gestel wat teen 2014 bereik moet wees.

Dit is van kardinale belang dat ons kinders letter- en syfervaardighede moet ontwikkel, aangesien dit hulle in staat sal stel om te vorder, akademies te presteer en die arbeidsmark suksesvol te betree.

Een van die maniere waarop die regering fokus om letter- en syfervaardighede by ons kinders te verbeter, is om te verseker dat elke leerder in graad R tot graad 6 uitstekende en goed ontwerpte werkboeke het waarin hulle hierdie vaardighede kan oefen. Van 2011 af sal elke leerder in graad R tot graad 6 een werkboek vir geletterdheid en een vir syferkunde ontvang. In die derde kwartaal sal elke leerder weer een werkboek vir geletterdheid en een werkboek vir syferkunde ontvang. Hierdie werkboeke is vir elke graad R tot graad 6-leerder in skole beskikbaar gestel. Die regering het hierdie jaar werkboeke vir 6 miljoen leerders gedruk, en in 2012 sal hierdie syfer verhoog.

## Is daar enige koste vir ouers of skole?

**Nee, glad nie. Die Departement het hierdie werkboeke geskep en gratis aan skole gestuur. Daar is geen koste vir die skool of vir ouers nie. Niemand mag u versoek om vir die werkboeke te betaal nie.**

## Waaruit bestaan die werkboeke?

- Geletterdheids-/taalwerkboeke vir Grade 1 tot 6 in al 11 amptelike tale.
- Gesyferdheidswerkboeke is beskikbaar vir Grade 1 tot 3 in al die amptelike tale en in Engels en Afrikaans vir Grade 4 tot 6.

## Wat is die doel van hierdie werkboeke?

Die werkboeke voorsien aan elke leerder werksvelle waarop hulle die taal- en syfervaardighede wat hulle in die klas geleer het, kan oefen. Die werkboeke stel ook onderwysers in staat om elke leerder se vordering te moniteer wanneer skriftelike werk nagegaan word, sodat die nodige ondersteuning aan die leerder gebied kan word indien dit nodig is.

## Word handboeke nou deur die werkboeke vervang?

Nee, die werkboeke behoort saam met die handboeke gebruik te word. Leerders moet in hul werkboeke, en nie in die handboeke nie, skryf, omdat handboeke aan die einde van die jaar aan die skool terugbesorg moet word. Werkboeke bespaar tyd, omdat die onderwyser nie nou oefeninge op die bord hoef te skryf, of eie werksvelle hoef voor te berei nie.

## Watter werkboeke is in 2011 beskikibaar?

- Geletterdheid-/Taalwerkboeke vir graad 1 tot 6 in al elf amptelike landstale
- Syferkundewerkboeke vir graad 1 tot 3 in al elf amptelike landstale, en in Afrikaans en Engels vir graad 4 tot 6.

## Sal leerders elke jaar werkboeke ontvang?

Ja, die regering beplan om vanaf 2011 hierdie werkboeke jaarliks aan skole te versprei.

Vanaf 2012 sal graad 7 tot 9-leerders ook die werkboeke ontvang.

- swerkboeke sal vir graad 7 tot 9-leerders in Engels en Afrikaans beskikbaar wees.
- Werkboeke vir Eerste Addisionele Taal sal in Engels vir graad 1 tot 9 beskikbaar gestel word.
- In 2012 sal die Braille-weergawe van al die werkboeke vir gesiggestremde leerders beskikbaar wees.
- Onderwysersgidse sal ook vir elke werkboek beskikbaar gestel word.

## Kan my kind hierdie werkboeke huis toe neem?

Ja, hierdie werkboek is u kind se besitting en leerders moet toegelaat word om gereeld hierdie werkboeke huis toe te neem en daarin te skryf.

# Bylaag A

# VOORBEELD VAN 'N AGENDA

- Welkom
- Bywoning en verskonings – (register moet gehou word)
- Goedkeuring van vorige vergadering se notule
- Voorbeelde van items vir bespreking
    - Het al die onderwysers skool gegee en leerders geleer vanaf Dag 1 van die skooljaar?
    - Personeelsituasie – Is alle poste toepaslik gevul en is hulle betyds gevul?
    - Is hulpmateriale vir leer betyds afgelewer?
    - Is hulpmateriale vir leer aan die leerders versprei?
    - Algemene onderhoud van skool – Is herstelwerk gedoen en watter herstelwerk moet steeds gedoen word en deur wie?
    - Wat is die skoonheidsvlak van die skool?
    - Is die befondsing vanaf die POD betyds ontvang?
    - Hoe word bywoning deur leerders gemonitor en watter strategieë is in plek om die situasie te verbeter?
    - Hoe word bywoning deur onderwysers gemonitor en watter strategieë is in plek om die situasie te verbeter?
    - Hoe word bywoning deur leerders gemonitor en watter strategieë is in plek om die situasie te verbeter?
    - Hoe word bywoning deur onderwysers gemonitor en watter strategieë is in plek om die situasie te verbeter?
- Verslag aan streek
- Gemeenskapsmobilisasie
- Enige ander items vir bespreking
- Datum van volgende vergadering

## Voorbeeld van 'n Verslagleweringspatroonplaat

**Dui asseblief die suksesse en uitdagings aan in verband met nakoming van ononderhandelbare items by u skool:**

**Voorbeeld van OLVG-aktiwiteite/-programme:**

1. **Posvoorsiening en Vul van Vakatures**

**Suksesse**

**Uitdagings**

2. **Toelatingsproses en Inskrywing van Graad R**

**Suksesse**

**Uitdagings**

3. **Aanskaffing van LOSM (Afdeling 20- én 21-skole)**

**Suksesse**

**Uitdagings**

4. **Watter meganismes is in plek gestel om geïdentifiseerde uitdagings aan te spreek?**

**Algemene Opmerkings**

# KONTAKBESONDERHEDE

## NASIONALE OLVG-KOÖRDINERINGSPAN

| NR. | NAAM | VAN | E-POS | KONTAKNOMMER |
|---|---|---|---|---|
| 1 | THULA | NKOMO | nkomo.t@dbe.gov.za | Tel: 012 357 3833<br>Sel: 083 549 2571 |
| 2 | MALOSE | KUTUMELA | kutumela@dbe.gov.za<br>malosek.qltc@gmail.com | Tel: 012 357 3845<br>Sel: 082 886 1637 |
| 3 | DAVE | BALT | balt.d@dbe.gov.za<br>daveb.qltc@gmail.com | Tel: 012 357 3844<br>Sel: 083 450 5555 |
| 5 | MAMIKI | MODIYE-MASELWA | modiye-maselwa.m@dbe.gov.za<br>mamiki.qltc@gmail.com | Tel: 012 357 3842<br>Sel: 082 966 0663 |
| 6 | SIPHOKAZI | ZOKWANA | zokwana.s@dbe.gov.za | Tel: 012 357 3858<br>Sel: 082 876 6153 |
| 7 | MOPHOTO JAKE | WA TLADI | tladi.j@dbe.gov.za | Tel: 012 357 3174<br>Sel: 074 188 4452 |

## Provinsiale OLVG Koördineerders

| PROVINSIE | VAN | E-POS | KONTAKNOMMER |
|---|---|---|---|
| Mpumalanga | J NSIBANDE | j.nsibande@education.mpu.gov.za | Tel: 013 765894<br>Sel: 082 512 8568 |
| Limpopo | M MULAUDZI | mulaudzi@edu.limpopo.gov.za | Tel: 015 290 9420<br>Sel: 079 511 8494 |
| Free State | T MOTSOENENG | motosenengt@edu.fs.gov.za | Tel: 051 404 8084<br>Sel: 083 847 4535 |
| Northern Cape | B WHITE | bwhite@ncpg.gov.za | Tel: 053 839 6356<br>Sel: 071 422 1810 |
| KwaZulu-Natal | BP MSIMANGO | peggy.msimanngo@kzndoe.gov.za | Tel: 033 846 5141<br>Sel: 083 657 1135 |
| Western Cape | R LARNEY | redewan.larney@pgwc.gov.za | Tel: 021 467 2337<br>Sel: 083 290 7309 |
| Eastern Cape | M SANQU | monde.sanqu@edu.ecprov.gov.za | Tel:<br>Sel: 083 324 4409 |
| North West | I MOLALE | imolale@nwpg.gov.za | Tel: 018 397 3000<br>Sel: 082 807 1828 |
| Gauteng | S NGWANE | sabelo.ngwane@gauteng.gov.za | Tel: 011 333 5546<br>Sel: 083 411 5873 |

# Notes

ensuring quality learning and teaching for all